

TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE

IN HIERDIE UITGAWE

- Gedagtes oor die Roman — P. C. Schonees.
- Oormore is Krismis — Earl Martin.
- Die Afrikaner en Ware Kuns
— P. C. Coetzee.
- Wit op Swart — J. S. Rabie.
- Radiogesprek met C. M. van den Heever.
- Epiloog vir Schiller se „Lied van die Klok”
— vertaal deur F. P. van der Merwe.
- Gedigte.
- Boekbespreking.


JAARGANG 5 NOMMER 2

JUNIE 1955

Ek kon drie

Rome

onvergeetlike weke in
vertoef...



BESKAWINGS bloei en beskawings val, maar Rome bekoor vir ewig . . . sierlike oorblyfsels uit die oggendstond van die Romeinse Ryk pryk langs moderne restaurants, waar die jolige Italiane die eeu-oue tradisie voortsit om toeriste te onthaal—met 'n sjarme wat bekoor . . .

Die volgende keer wat ek Europa toe vlieg met die S.A.L.-toeristeklasdiens, sal ek met die £81 wat hierdie vlug my bespaar, Rome weer besoek . . . dis 'n plegtige belofte aan myself.

Daar is 3 toeristeklasvlugte per week—teen slegs £252 heen en weer—tussen Johannesburg en Londen oor Livingstone of Lusaka Nairobi, Kaartoen, Kairo, Athene,

Rome, Parys of Frankfurt—en u kan *sonder* ekstra koste op enigeen van hierdie landingsplekke oorbly. Vir die toeristeklasdiens is daar by Livingstone vir Windhoek 'n weeklikse aansluiting teen dieselfde reisgeld.

Daar is ook 'n standaardklasdiens retoerreisgeld £333,0.0 — tussen Johannesburg en Londen.

Die S.A.L. in medewerking met die B.O.A.C. reël 'n *daaglikse* diens — heen en weer — tussen Johannesburg en Londen.



SUID-AFRIKAANSE LUGDIENS

DIE TOERISTEBRUG TUSSEN AFRIKA EN EUROPA

TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE

Kwartaalblad van die
AFRIKAANSE SKRYWERSKRING



Redakteur: C. M. VAN DEN HEEVER



Letterkundige Adviseurs:

D. F. MALHERBE
H. A. FAGAN
P. C. SCHOONEES
E. J. EYBERS
W. A. DE KLERK

Administrasie:
PROFESSOR ABEL COETZEE
Posbus 1176 Johannesburg


Intekengeld 20/- posvry.



JAARGANG 5

NOMMER 2

J U N I E - 1 9 5 5



Inhoud

	<i>Bladsy</i>
GEDIG, S. J. Pretorius	5
GEDIG, W. van Heerden	6
GEDAGTES OOR DIE ROMAN, P. C. Schoonees	9
GEDIGTE, Gerhard Kemp	14
OORMORE IS KRISMIS, Earl Martin	18
GEDIGTE, A. J. J. Visser	25
DIE AFRIKANER EN WARE KUNS, P. C. Coetzee	28
GEDIGTE, F. J. Eybers	42
WIT OF SWART, J. S. Rabie	45
GEDIGTE, N. A. Coetzee	51
RADIOPRAATJIE MET C. M. VAN DEN HEEVER	53
GEDIGTE: Fernand Florizoone	58
Adèle Naudé	60
J. Nel van der Merwe	61
A. Alberts	62
Vincent van der Westhuizen	63
Abraham Fouché	65
D. P. M. Botes	66
F. P. van der Merwe (Vertaalde gedigte)	67
BOEKBESPREKING	70

BELANGRIKE NUWE BOEKE

UURGLAS

P. J. PHILANDER

Die eerstelingbundel van 'n jong Kleurlingdigter. Hierdie werk sal meer as een aangenaam verras. Sommige van Philander se verse is pragtig. (13s. 3d.)



STORIES VAN RIVIERPLAAS

ALBA BOUWER

Dit is die fyndeurleefde uitbeelding van die kinderlewe op 'n Vrystaatse plaas. Werklik 'n verrykende bydrae tot die Afrikaanse letterkunde. 'n Praguitgawe. (Gewone band 11s. 3d. - Luukse band 13s. 3d.)



SY KOM MET DIE SEKELMAAN

HETTIE SMIT

'n Pragtige uitgawe van 'n belangrike boek. Hierdie werk is in die dertiger jare as 'n nuwe geluid in die Afrikaanse letterkunde beskou. Dit het met die verloop van jare nog niks van sy belangrikheid verloor nie. (13s. 3d.)



DIE WIT AREND

MIKRO

'n Mooi jeugverhaal, soos Mikro alleen dit kan vertel. (9s. 9d.)



NASIONALE BOEKHANDEL BEPERK

Posbus 119 Posbus 9898 Posbus 1058 Posbus 95
PAROW JOHANNESBURG BLOEMFONTEIN PORT ELIZABETH

S. J. Pretorius

OPSTAND

Die ou man, kromgeboë
en blind, moet sterf van pyn
dat daar in nuwe oë
weer nuwe vreugdes skyn.

Die harte oud en skugter
moet swig vir die wat jonk is
en die te wys en nugter
vir die wat dwaas en dronk is.

En dor en dood en geel
word stengels uitgebloeï,
dat uit 'n nuwe steel
weer frisser vreugdes groei.

En na die fees so fyn
word ons ook uitgenooi
maar proe in kos en wyn
die gif daarin gegooi.

Mag ons 'n uur die woning
deurloop en ons vergaap
is dit genoeg beloning
vir so 'n arme aap.

Op nuwe, woeste wiele
rol eeue ewig voort,
en trap en skeur ons siele
en hoor van ons geen woord.

Die heelal word verjonk
en ewig-fris die glans,
en alles vreugdedronk
op die makaber dans.

O Sotheid! Hoe ellendig
wanneer 'n God sy hart,
sy hemel moet bestendig
met so 'n hel van smart.

W. van Heerden

ELEGIE

„.....del dolor
nace la belleza.....”

1.

N kostelike orgidee
in hierdie deugdelose tye — laat ons ween:
soveel meer as wat gegun was, is gegee.

Sy lewe was nie veel meer as n groot
maar gans geheime liefde, een
smal bundel verse, en n vreemde dood.

2.

Die verblindende flits
en fel eksplosiewe slag
van n blou-wit blits
het dit vermag.

Dit het ontspruit,
die lug geskeur,
en neergesweep.

Ná die geluid
alleen n geur
van kruit,
die dun swart streep.

3.

Omdat die snellende helderheid
nie gouer was as sy gedagtegang,
het hy vir n ondeelbare gedeelte van tyd
gewee dat dit oor hom hang?

4.

Het n verborge sonde
die wraak bewerk;
het onsibbare wonde
hom reeds gemerk?

Of was dit toevallige sameloop
van plek en tyd,
het los faktore saamgeknoop
tot hierdie feit?

5.

Die uitverkore jongeling
onaantaslik bewaar
van die besoedeling
wat uit ons later oë staar.

Skoon sny
midde deur n droom
en n intense lewe.

Paslik ook omdat hy
was soos n hoë boom:
verhewe
en hemelwaarts gedy.

6.

Die dood is n brutale ding
omdat dit
uit die kragtigste greep moet wring
ons allerkosbaarste besit.

Dit is die kern van ons pyn:
dat van die dooies niks gehoor
word nie, dat hul verdwyn
vir altyd sonder spoor.

Die dood is n verskrikking, en nooit mooi
om op te staar;
misterie wat afgrondelik onkenbaar is.

Laat ons dit nie tooi
met wense in ons droewenis;
laat ons die smart en die geheim aanvaar.

7.

N insident
in die groter geweld
van n verboefde eeu
gewend
aan seks en moorde,
het die koerant dit skaars gemeld.

Maar stadig en teer,
n lila-sneeu,
die ligste pers,
laat die gákarandá
drie dae later nog
hul bloeisels neer.

Ons neem tot steenskrif dan
dié woorde
uit sy mees
hartstog-
telike vers:
„... in smart
begin
die skoonheid, het sy haar geboorte...”

En wie
kom lees,
in hom sal dit daarná
bly rank;
sy hart
sal van die sin
daarvan
lank
nie
genees.

Gedagtes oor die Roman

P. C. SCHOONEES

Omdat die roman teenswoordig die vernaamste, ja amper die enigste pad na letterkundige sukses is, word dit gruwelik misbruik. Hierdie genre het byna alle vorme van literatuur ingesluk en vir die groot publiek is dit inderdaad die hooftipe van die literatuur. As 'n skrywer gelees wil word, moet hy romans skrywe en daarom is daar so baie romans wat eintlik essays. pleidooie, preke, verhandelinge — kortom alles behalwe romans moes gewees het. Dit laat 'n mens dikwels dink aan 'n groot wors waarin skrywers maar alles inprop. Omdat die roman by uitstek middel tot verstrooiing is, daarom is daar so baie slegte en middelmatige romans. Die grootste gros lesers verlang na wat die sielkundiges „literature of escape” noem. Hulle soek na die romantiese kunstenaar met wie hulle die teleurstellende werklikheid kan ontvlug in 'n wêreld van droom en verbeelding, 'n wêreld sonder tydruimtelike grense. Alles wat geheimsinnig en fantasties is, trek hulle aan — verlore of verborge skatte, spoke en kerkhowe, ou murasies in die maanlig, sielkundige afwykings, moorde, ens. Hulle verlang na 'n betowerde wêreld, na 'n skrywer wat hulle kan wegvoer uit die petroldampe van ons stede na 'n Hollywoodlandskap vol vryende paartjies wat nooit uitgesoen raak nie.

Gelukkig is daar darem ook skrywers wat nie tevrede is om in die roman 'n skone skynwêreld te skep om hierdie aardse tranedal te ontvlug nie, maar wat besef dat dit hulle taak is om deur middel van die roman die verwarring in ons wêreld te probeer deurgrond en deur hul uitbeelding van groot vraagstukke die leser verhelderde insigte te gee.

Ofskoon daar in die laaste jare 'n verblydende verruiming van motiewe in ons verhaalkuns op te merk is, kan dit ons Afrikaanse skrywers wel ten laste gelê word dat hul veld van belangstelling nog glad te eng en beperk is. Carl Grabo kla ook oor die Engelse en Amerikaanse roman-skrywers: „The novel could concern itself more than it now does with exceptional and unfamiliar situations, situations more instructive than the too oft repeated

themes whose instructive value has long since been lost. Only a small part of our current fiction has any freshness whatsoever. Its situations are hackneyed, its characters stereotyped, its pretense to novelty wholly specious. That it is actually harmful, vitiating the minds of its readers, may be debatable. But that it is not instructive in any real sense, that we learn nothing of life from it, is also true. In it the reading public gets its familiar pabulum, its anodyne and release from a too exacting reality. The taste for a more stimulating fiction, one that demands something from its readers, their willingness to think and to suffer vicariously — such a taste is not widespread.”

Anthonie Donker het enige jare gelede, na aanleiding van 'n aanval op die hedendaagse roman deur Brentano, 'n paar opmerkings gemaak wat miskien nuttig kan wees vir ons aspirantskrywers. Ons leef in 'n tyd van ingrypende veranderinge, en op elke gebied kan die skrywer veel nuwe dinge vind. Hy keer hom egter van die oorvloed af „en verzint, verzint... En wat hij nog vindt, in de psyche zijner roman-karakters, werd decennien voor hem al gevonden; hij herhaalt alleen, uit den treure... Het bruikbare materiaal, dat aan alle kanten rondom hem ligt, negeert hij.” Donker erken dat die uitbeelding van 'n karakter, die skerp beeld van 'n individuele lot van groot menslike waarde kan wees; maar hy wys tewens daarop dat alleen die besonder begaafde kunstenaar nog 'n sterk en onkonvensionele roman kan maak van „de uitgekauwde individueele psychologie.” Hy stem saam met Brentano dat romanskrywers te weinig aandag gee aan „toestanden en hun werkingen, aan de collectieve verschijselen en drijfkrachten der samenleving.” Hy vra boeke waardeur die beweging van die tyd golf, boeke wat groepe, stelsels en hul verteenwoordigers sigbaar maak, boeke deurtrokke van die sosiale, ekonomiese, politieke en kommersiële groeps- en massapsigologiese ontwikkelinge en verwikkelinge, waarin die uitbeelding van die individualiteit onmiddellik verband hou met die werkinge van die sosiale lewe.

Dit mag vir Suid-Afrika miskien 'n bietjie te ambisieus lyk. Tog gee dit 'n rigting aan waar baie nuwe stof gevind kan word. Ons skrywers se horison is nog glad te beperk; hulle hou te min rekening met die veelvoudige faktore wat die lewe van die moderne mens bepaal. Hulle versin verhaaltjies oor nonentiteite wat in 'n onbelangrike milieu optree en het weinig belangstelling vir die kollektiewe kragte wat vir 'n groot deel ons lewe beheers.

Donker gee in die aangehaalde artikel 'n lys aan van onderwerpe vir jong Nederlandse skrywers. As ons 'n soortgelyke lys saamstel vir ons eie land, dan kry ons enigsins 'n blik op die wydgestrekte terrein, waar party van ons skrywers enkele dowwe voortjies getrek het. Ons het nog geen enkele historiese roman wat die mense en toestande van 'n vorige tydperk volledig vir ons lewend gemaak het nie. Die biografieë van ons heldefigure is tot hertoe grotendeels feiteversameling gewees, en ons wag nog op die kunstenaar wat hulle sal teken as mense, as verteenwoordigers en draers van die nasionale idee. Daar kan romans geskryf word oor ons industrieë — dink maar aan die goudindustrie met sy Hoggenheimers — oor ons spoorweë, onderstandswerke, besproeiingswerke, delwerye, studentelewe, naturelle, stakings, sport, amptenaarswese, pers, taal- en kultuurstryd, die tweetaligheidsmisère, die ontwikkeling van politieke partye, Voortrekkerhoogte, onderwystoestande, rondgaande howe, pad- en boswerkers... Daar kan 'n roman geskryf word waarin ons 'n samevatting kry van ons land en volk met al die lae van die samelewing, hul sedes en gewoontes; oor die dorps- en stadslewe en die mense wat in afgeleë uithoekies woon; dit kan ons 'n beeld gee van ons uitgestrekte vlaktes, droë riviere, sandwoestyne en eensame gramadoelas... Die moontlikhede is eenvoudig legio. Laat ons skrywers die vensters wyd oopgooi; laat hulle minder tob oor die geïsoleerde ervarings van onbelangrike individue en meer let op die groot strominge, massaverskynsels en konflikte waardeur ons stormagtige tyd beheers word.

Ek wil natuurlik glad nie beweer dat die uitbeelding van die vreugde en smart van eenvoudige siele geen kuns kan wees nie. Alles hang van die geaardheid van die kunstenaar af en van die intensiteit van sy ontroering. Maar Anthonie Donker het ongetwyfeld gelyk as hy beweer dat hierdie paadjies al danig stofgetrap is. En wie slegs oppervlakkig nadink oor die tallose maniere waarop die internasionale strominge en konflikte die lewe van die eenvoudigste enkeling beroer, moet erken dat daar iets in die wêreld verander het wat ons skrywers sal dwing om die bakens van hul waarnemingsveld al wyer en wyer te versit. Orals is die lewe so interessant — „poëzie schuilt overal.” Ons waardeur dié skrywers wat ons oë oopmaak vir die skoonheid van die eenvoudige bywonersbestaan. Maar as ons die gore stiklug van die murasies ingeasem het, dan snak ons weer na die fris buitelig, na die wyer lewensvelde

waarop 'n rustelose mensdom met koorsagtige haas werskaf en woel.

In 'n tyd soos dié waarin ons lewe, vol duistere bedreigings van 'n Derde Wêreldoorlog waarin alles wat die beskawing deur die eeue heen opgebou het in 'n oogwenk kan verdwyn, in 'n tyd so vol nuwe gedagtes, ontstaan by die skeppende kunstenaar 'n behoefte om uiting te gee aan die denkbeelde wat in hom lewe, aan die reaksies wat in hom gewek word. Die kuns in die algemeen en die roman in die besonder word al meer en meer draer van ideë. In die roman kry bepaalde vraagstukke van sosiale, van morele, van sielkundige, van politieke aard 'n duideliker en dieper relief as wat in ander literêre vorme moontlik is. Die roman sluit hom baie intiem aan by die verskynsels wat die werklikheid van die lewe te sien gee. Die elektriese geladenheid, die angsspanning wat die hele wêreld nou laat huiwer, beteken vir die kunstenaar eerder 'n wins as 'n verlies. Dit skud die gees wakker, selfs van die traagste mens.

Niemand verwag van die romanskrywer dat hy die politieke of ekonomiese vraagstukke moet oplos nie. Dit is die taak van die skrywer om deur intensiewe studie en oorpeinsing sy lewensinsig so te verdiep dat die beeld wat hy van die lewe skeep noukeurig en getrou die diep besonne waarheid wat hy daaruit gehaal het, weerspieël. Marsman noem dit 'n kranksinnige veronderstelling om te meen dat die lewe begryp en verklaar kan word. 'n Mens kan dit alleen ondergaan en peil, maar jy kan dit nooit besyfer nie. Carl Grabo verklaar: „Serious fiction, fiction which is more than an opiate or the gratification of wish fulfilment, already concerns itself with social and economic problems, with the struggles of class and race and all their inequalities and injustices. The influence of such fiction is even now considerable, stirring the social consciences of many, even stimulating to remedial legislation and social reform.”

Die belangrikste faktor vir die ontstaan van 'n goeie roman is ongetwyfeld die persoonlikheid van die skrywer soos dit aan die lig kom deur die houding wat hy inneem teenoor die stuk lewe wat hy uitbeeld. Na die eerste of tweede hoofstuk weet die leser al of hy te doen het met iemand wat net kiekies van die werklikheid gee, of met 'n uitgesproke persoonlikheid wat 'n eie kyk op sake het. En as die leser verklaar: „Dit is 'n goeie boek,” dan sê hy dit omdat hy in aanraking was met 'n persoonlikheid wat sy eie gemoed ontroer het, selfs al was dit net vir 'n

tyd lank. Hy het die geluid van die skrywer se stem gehoor, al het hy geen enkele woord hardop gelees nie. 'n Goeie skrywer sal natuurlik nooit 'n vertoning maak van sy persoonlikheid nie. Maar daardie stem wat uit die dooie letterreekse opklink, verrai sy individualiteit. Sy roman het uit die lewe opgewel, is verweef met sy ervaring, en nie net 'n bedenkensel van 'n vernuftige brein nie. *Hoe ryker die skrywer se ervaring van die lewe, hoe treffender sy boodskap.*

'n Tweede vereiste wat aan elke romanskrywer gestel kan word, is die vermoë om figure te skep wat hul eie lewe leef en uit eie krag beweeg. Hier help geen skryftechniek, geen kennis van sielkunde nie. C. J. Kelk noem dit 'n geheimsinnige proses wat hom buite die skrywer se eie wil voltrek. Die skrywer verdeel hom in honderde ander figure, en giet sy bloed oor in ander gestaltes. Party skrywers kry dit altoos reg, maar dis nie iets wat aangeleer kan word nie.

'n Mens kan toegee dat 'n skrywer sonder die ingebore begaafdheid dit nooit baie ver sal bring in die kuns om oortuigende figure te skep nie. 'n Studie van eersterangse romanskrywers bewys egter dat hulle gaandeweg hul tegniek verbeter het totdat hulle lewende mense geskep het wat ons beter ken as dié wat naaste aan ons staan.

Ek wil hierdie los opmerkings afsluit deur op te merk dat die romankunstenaar die vermoë behoort te besit om in die gewone, die alledaagse, daardie aspekte te sien wat buitengewoon is, of soos Marsman gesê het, om die gewone lewe groot te sien. As hy intens en oorvloedig lewe, sal hy alles rondom hom en in hom steeds met kinderlike verwondering betrag. Dinge wat deur almal as vanselfsprekend aanvaar word, waarhede wat almal as vasgeanker beskou, kry 'n nuwe glans as dit deur die skeppende verbeelding aangeraak word. In die werklike lewe kan 'n mens geen verdeling tussen „gewone” en „besondere” persone maak nie. Wel kan ons sê dat elke gewone mens op sy eie manier iets besonders het. Selfs 'n Ampie het sy roman beleef. Dis alleen 'n swak skrywer wat probeer indruk maak deur buitenissighede, want hy weet nie dat die alledaagse werklikheid ryker is as wat die rykste fantasie hom dit kan voorstel nie.

Gerhard Kemp

VISSER

Jy gooi jou stukkie lyn
in die Lewe se groot
sidderende poel. Jy sit stil
asof jy bid...en vra jou brood.

Ek sien jou sit...jy dobbel
maar saam met die see en die wind
en wat hulle uitspoeg later,
neem jy stil vir vrou en kind.

Skemeraand...en ek wat skielik
leeg hier agterbly,
as jy huiswaarts keer
jou voller loon in hulle oë kry.

AFSKEIDSLIEDJIE

Dae wat ek alleen
maar net vir my wou hê
sal ek soos blomme pluk
en om jou hoof kom lê.

Jy het jou bondeltjie gepak,
die hart se deur gesluit...
Alle nagte bid ek
vir jou stem se stil geluid.

Die sleutel het jy seker êrens
maar verloor...nooit keer jy terug,
en laat my soos 'n dier
wat vir homself moet vlug.

God, neem hierdie dag,
lê dit stil rondom haar
sodat sy kan weet:
reeds sterf die eerste blaar.

SKEMERAAND

Dat hierdie lewe nou ontvanklik word,
soos die laat herfsbome staan
met die seker wete onder stille
hemels en die ope maan.

Noudat my skemerbede gaan
met die hoë droewe vlug
van laat aandvoëls
deur die eensame lug.

My hande voel die skemervoue
teen die sagte skouer van die berg se rug,
soos die tere groewe
teen God se gesig.

Hy kom en vou ons
stil onder Sy donker kleet,
soos 'n man vol tere liefde
die oop borste van 'n vrou sal streel.

My lewe bloei so wit en stil
waar die ope aronskelke wag
onder die ope hemels
vannag...

MOTORRIT — VROEË DAGBREEK

Die ou nag sterf en die eerste dinge groei
stil teen die horison op
in die geboorte van die nuwe dag
wat ou-koper in die wolke vloei.

Die klein mens in die motor voel
hy is 'n leemte in hierdie deel,
waar aarde en hemel gebind word
in 'n stil geheel.

God drapeer die hemelvoue
om die sagte liggaam van 'n vrou,
wat uit haar skoot seisoene vorm
as stil simbole teen die blou.

Gisteraand het U gesterf in pyn en bloed,
maar baar 'n nuwe môre se helder groet...

SONNET

Hy is student. Sy naam is Ferdinand
wat deur hul dae loop en doodgewone
dinge doen soos alle mense doen, drome
droom net omdat hul drome is. Sy hand
en oë alleen het die droewe wit
van meeuë wat altyd verder kring...
Die kroegbaas ken hom ook... die stil kind bring
die beeld van 'n moeder wat eensaam woorde bid.

Ek het hom in die herfs leer ken toe die blou
dae vreemd word van die geheime drang
meteens van verre voëls se ou verlange
na die aarde wat nagte lank stil en toegevu
lê soos 'n graf wat alle dinge donker bind:
Hy soek die verlore spore van 'n kind.

SWERWER

Oudag is 'n swerwer wat sy bondel vat,
vir oulaas nog 'n laaste plekkie groet
voordat hy eensaam strompel in die pad...
Ek sien van sy gebarste voete bloed
as hy stil en woordeloos verbygaan
waar ek staan en soos 'n kind vol wonder word
oor hy geboë teen die Lewe staan
met bloed wat breek en oor sy oë stort.

God het 'n klip laat val in my helder dag
en alles raak versplinter en verward.
Ek is 'n kind verdwaal in hierdie nag
wat alles doodbloei in my sagte hart.
God het my uitgegooi in die nag en wind
in my, magteloos en klein om myself te vind.

KIND EN LAMP

Eenmaal was my lamp 'n trae wonder
in die lewe se groot geheime skag
van drome en sprokies, afgesonder
op ver geheime paadjies van die nag.
En in my lamp se straal sien ek hoe wink
die ogies van my vriendjies nog vir my
en lag die groen kabouters as ons op blink
maanstraaltjies verlore deur die blou nag ry...

Toe ek groter word koop ek 'n nuwe
towerlamp en staan verstom voor al sy prag.
Maar voor my wonderlamp vlug al die skuwe
diertjies skielik verder weg in die nag
en sien ek buitekant my lamp se krag
groter, stiller duisternisse vir my wag.

ADAM

Ek was in daardie spel so klein verloor
en sonder naam in die nag en die vér
wind wat oor my huisie waai. Die diertjies hoor
my roep, my hand vou om die verste ster.

Ek het my sandkasteel met drome
gebou en die klein wonders van 'n kind,
op nuwe paadjies tussen die bome
skielik vreemd myself in 'n kuil gevind...

Toe ek uit daardie vreemde slaap ontwaak
het die vrou wit uit my drome gegroei
en my genoem... En meteens was ek naak —
het alles diep en vreeslik in my gebloei.

God het jou uit my liggaam uitgesny
en daardie wond sal altyd in my bly.

HIERDIE HERFS...

Eenmaal was dit anders, eenmaal het die stil wind
stil met sy arms vol blare gekom
en die droewe aarde slapend gevind
by die lykies van die roos en sonneblom.
En met die stil koms van die môre weer
het langs die watervoor 'n kleine kind
in sy spel verloor, die soete geur
van druppels trane in die blare gevind.

Eenmaal was dit anders, eenmaal het jy oor my
stil met hierdie droewe droom gekom
en het die dag my aan die slaap gekry
by lykies van die roos en sonneblom...
Jy het my beroof, nooit sal ek weer 'n kind
daardie goue druppels in die blare vind.

Oormôre is Krismis

EARL MARTIN

Dit was sy oorlede ma wat eintlik begin het om vir hom Willempie te sê. In die doopregister staan sy naam as Wilhelm Jacobus aangeteken en ofskoon sy pa aanvanklik 'n willose voorstaner was van Wilhelm of selfs maar Willem, was dit mettertyd met sy opgroei tog maar die moedertong wat sy huisnaampie bepaal het. Later toe het almal gemerk dat Willempie hom duidelik pas. Hy was maar tengerig.

Tog was hy as boerseun fluks. Buitengewoon fluks en die liefde wat hy begin toon het vir die plaas, al was dit anderman se plaas en sy pa maar 'n bywoner, was opvallend eg. Hy het diere verstaan. Sy pa het altyd verduidelik dat Willempie 'n slag het met donkies en beeste en sy ma het weer met bewondering vir ander mense van hom vertel: „Die kind is snaaks. Hy gesels mos met die esels as hy hulle inspan. En die koeie, wanneer hy melk, dan is dit tog te mooi om te hoor hoe beleef hy vir die kalfie sê hy moet hok . . .”

Daar was Wolsak, die slapoor-donkie wat net so oud was soos Willempie. Vir hierdie dier was hy die heel liefste. Dit was sy ryperd. Sy donkie wat hom van die begin af skool toe gedra het. 'n Troue dier, traag soos sy groep en derhalwe hom dit te vergewe, maar 'n esel wat maats geword het met die kind soos 'n hond.

Willempie en Wolsak was onafskeibaar. En as Wolsak nie daar was nie sou hy maar 'n eensame jeugperiode deurgemaak het. Hy het nooit 'n lat op Wolsak gebreek nie en hom nooit in die pens geskop nie.

Sy moeder is oorlede toe hy twaalf jaar oud was. Dit het swaar gekom vir sy pa, 'n baie teruggetrokke man van hom gemaak. Daar het nie veel ankers oorgebly vir Willempie nie. Hy het lank bly treur, troosteloos rondgedwaal en al sy droefheid alleen gedra want Wolsak kon nie verstaan nie. So baie dinge kon hy verstaan, maar nie Willempie se hartseer nie.

Een aand het sy pa by hom op die bed kom sit. Doodstil gesit sonder om iets te sê of selfs om na hom te kyk. Hulle het altwee so gekyk na die vlammetjie van die kers en die krieke se koor van buite af gehoor, nie skel en naby nie, sommer 'n weemoedige krielied wat van ver af kom en aanhou, aanhou. Toe sug sy pa en sê plotseling:

„Sê my, ou seun, wil jy nie Wolsak maar vir jou vat nie...? Jy kan hom kry as jy hom wil hê...” So iets verleë in sy stem. Hoe kon die kind weet dat sy pa se hart seerder is oor hom as oor die moeder wat oorlede is?

Kan hy Wolsak vat? Hom neem, voortaan sy eie besitting? Hoe kan sy pa so iets vra! Wolsak sy eie! Dis soos 'n droom.

„E...e...jy sien, Willempie, oormôre is Krismis... en ek het gedink ek sal jou iets gee...”

Natuurlik, nou onthou hy. Oormôre sal Krismis wees. Mens gee altyd presente met Krismis. Laaste keer het sy ma nog geleef, toe het sy vir hom skoene gekoop. Hy het hulle nog want hy dra hulle baie min. Sy ma het mos nog gesê mens gee altyd met Krismis die grootste present vir iemand wat jy die liefste is. Dis dan dié dat sy pa seker nou Wolsak vir hom gee.

„Heng, Pa... dankie... vreeslik dankie... Pa...” Willempie was nooit 'n ou vir baie woorde nie. As hy dankbaar is, vertel sy oë dit.

Toe sy pa weg is, het hy eers werklik begin dink. Wolsak is nou geheel en al syne. Dis snaaks, altyd het hy maar gevoel dat die dier aan hom en aan niemand anders behoort nie, maar hy was verstandig genoeg om te weet dat sy pa byvoorbeeld enige tyd die donkie kon wegmaak. Dit was altyd 'n geheime vrees by hom want sy pa spekuleer dikwels met sy diere. Maar nou, nou sal niemand ooit sy donkie van hom kan ontnem nie. Deels was daar nou gemoedsrus vir hom, maar iets anders het hom skielik bygeval...

Oormôre sal dit Krismis wees. Mens gee met Krismis jou grootste present vir die een wat jy die liefste voor is.

Hy het begin wonder of hy nie ook 'n present moet gee vir iemand nie. Maar vir wie sal hy nou 'n present gee? Hy is lief vir sy pa en hy is lief vir Wolsak. Maar vir hulle kan hy niks gee nie. Hy het niks.

Maar daar is mos nog iemand vir wie hy lief is. Eintlik weet sy nie dat hy haar liefhet nie, maar hy sal haar nog eendag vertel. Sy is Sannie. Oom Buurman se dogtertjie wat saam met hom in een klas is. Sy is so mooi, so mooi en haar pa is so ryk... hy het altyd gewens hy kon op haar pa se plaas gebly het. Kyk, altyd as hy daar by hulle kom hoe goed is hy en haar ma-hulle vir hom. Sy het nou 'n kwaai pa, maar Willempie hou van hom omdat hy 'n boer is. En Sannie self is ook lief vir die plaas. Miskien is dit daarom dat hy lief geword het vir haar. Hy weet ook

nie. Partymaal dink hy dis haar haarvlegsels wat haar so mooi en liefdig laat lyk en ander dae weer is dit of dit haar vriendelike oë is. Snaaks, sy het sulke snaakse groot blou oë. Dis net sy ma wat ook sulke mooi oë gehad het.

Hy wens meteens Sannie was nou hier by hom met haar laggende gesiggie. Hy sou haar vertel het van sy blydschap, van die goeie pa wat hy het. Miskien sou sy ook saam met hom gelukkig gewees het. Ja wat, sy sou. En dan sal hy miskien vir haar vertel het dat sy mooi is vir hom en dat hy eendag met haar wil trou as hulle groot is. Wat sou sy dan gedoen het, wonder hy. Miskien sou sy sê ja, sy is ook lief vir hom. Ai, hy begin werklik verlang na Sannie. Hoe meer hy dink aan haar, hoe groter word die verlange. Wat sal hy tog net nie alles doen vir haar as sy sy nooientjie wil word nie! Enigiets sal hy opoffer vir Sannie.

En toe, meteens, skiet dit hom weer te binne: oormôre is Krismis. Mens gee die grootste present vir iemand wat jy die liefste is voor. Hy sal vir Sannie 'n present moet gee... In sy hart jubel dit: ek wil, ek wil vir haar die mooiste, die grootste present gee...

Maar wat? Oormôre lê vlak voor die deur. Hy het niks. In sy klerelaai het hy 'n sikspens wat sy pa lankal vir hom gegee het maar 'n sikspens is maar min, hy weet dit. Wat kan hy nou vir 'n sikspens koop wat mooi en groots is? Nee, hy kan nie aan iets dink nie.

Plotseling dink hy aan sy donkie.

Hy het iets. Hy besit tog iets. Iets van betekenis. Iets wat hom na aan die hart lê, wat hy vir geen geld ooit sal verkoop nie. Dit is Wolsak. Dis mos sy eie donkie. Hy kan dit vir Sannie gee!

Hy kan Wolsak vir Sannie gee, dan offer hy mos die meeste op. Maar, kan mens 'n present weggee wat jy by jou pa gekry het? En sal hy dit ooit oor sy hart kry om Wolsak weg te gee, selfs vir Sannie? Hy is meteens in 'n stryd geworstel. Hy raak bewoë en soek naarstiglik na 'n oplossing in sy jong kinderverstand. Trane dwing na sy oë toe, vloei later vrylik oor die kussing. Nee, hy weet nie. Hy kan nie tot 'n besluit kom nie. Sy dierbare ou Wolsak, so trou, so mak. 'n Kameraad. Hoe kan hy hom vir Sannie gee...? Tog, as hy eendag met Sannie trou, dan is Wolsak mos weer syne. En, as hy dan vir Sannie werklik liefhet, moet hy mos nie omgee om Wolsak vir haar te gee nie. Wie sê Sannie sal nie ook so lief wees vir Wolsak soos hy nie? O ja, sy sal. Soos hy Sannie ken.

En sy pa, die present . . . ? Hy besluit dat sy pa nie sal omgee nie. Hy sal nie vir sy pa sê hy is lief vir Sannie nie, maar sy pa sal verstaan. Sy pa weet mos dat Willempie geen ander besitting het wat hy kan afstaan as 'n kersgeskenk vir Sannie nie. En as Wolsak Sannie s'n is, dan sal hy baie, ja elke dag, vir haar gaan kuier op oom Buurman se plaas. Wat is 'n myl nou om te stap?

Later het die lastige trane opgehou en Willempie voel sommer vies. Hy is nie 'n grensbalie nie. Hy sweer, as dit dag was dan sou hy nooit gehuil het nie. Net omdat dit nou donker is en niemand hom kan sien nie, gee hy nie om nie. So dink hy stil en draai op sy sy. Dit moet al laat in die nag wees . . . Oormôre is Krismis . . .

Maar voor die slaap, het nuwe, ingewikkelde probleemgedagtes na Willempie toe gekom.

Sal dit die regte ding wees om 'n donkie vir 'n meisiekind te gee? Dit is vir hom al asof daar iets haper met die idee. Hy sit nou regop op die bed en krap sy kop. Nee, besluit hy, daar skort iets. Mens kan nie vir 'n meisiekind 'n donkie vir 'n present gee nie. Jy kan nie . . . En toe val dit hom skielik by: hulle sal vir hom lag by die skool as hulle daarvan hoor. En hulle sal vir Sannie ook lag. Sê nou sy word dan kwaad . . . ? Willempie is weer in die middel van die wêreld.

Sal hy nie maar liewer die donkie vir haar pa gee nie . . . ? As hy so maak, dan sal oom Buurman wat so 'n kwaai oom is, ook van hom hou. En Sannie sal so bly wees en sy sal trots wees op hom. En as Wolsak aan haar pa behoort, dan behoort hy mos aan haar ook. Ja-nee, dink hy, hierdie is sommer 'n blink idee. 'n Pure-man-plan. Hy gaan so maak. Oormôre is Krismis. Net môre gaan hy Wolsak oorneem na oom Buurman toe.

Hy sal sommer vroeg-vroeg spring. En as hy daar kom dan sal hy sê: „Oom Buurman, ek het vir Oom 'n present gebring . . . 'n krismisboks, Oom . . .” En oom Buurman sal in sy element wees van vreugde. Hy sal sommer huil van blydschap! Dan sal hy sê: „O, Willempie, ek kan nie so 'n groot geskenk van jou aanneem nie. Dis vreeslik stout van jou, Willempie. Baie, baie dankie, ou seun. Oom sal ander dag vir jou ook 'n groot klip uit die pad uit rol . . . en . . . e . . . jy kan maar elke dag vir Sannie kom kuier . . . Ek het lankal gesien jy is 'n goeie seun Willempie. Jy kan maar eendag met Sannie trou, hoor . . .” Dan sal hy en oom Buurman soos groot maats huis toe stap en Sannie en haar ma sal vir hulle koffie gee. Oom Buurman sal dan

vertel van die geskenk en Sannie sal haar armpies albei om sy nek kom sit en sy sal lag met haar mooi oë . . .

Eindelik het die slaap darem vir Willempie gevang. Hy het baie gedroom van oom Buurman en van Sannie. Maar die meeste van Wolsak.

Toe hy wakker word, was die son reeds uit. Dit was 'n teleurstelling vir Willempie, maar hy het nogtans sy litte begin roer. Wolsak se kampie was nie groot nie en die ou dier, getrou op sy weiplek, het hom gedweë laat aankeer deur sy basie.

By die groot doringboom waar hy altyd die toom aan Wolsak sit, daar het Willempie afskeid geneem van sy ou makker. Daar was iets swaars in sy keel toe hy met die slapoor praat.

„Jy moenie kwaad wees vir my nie, Wolsak,” sê hy asof hy besig is om met 'n mens te praat. „Jy gaan nou by die kleinmiesies bly . . . tot . . . e . . . tot ek en die kleinmiesies eendag gaan trou . . .” Hy sluk. „Kom, Wolsak. Dis laat . . .” Vervlaks, hy wil alweer grens. Hy maak sy oë styf toe. Toe val 'n herinnering hom by . . . iets wat sy ma hom geleer het toe sy nog gelewe het. En asof hy nuwe moed skep, prewel hy vinnig: „Liewe Jesus maak my hartjie rein en kyk mooi agter Wolsak want ek gaan hom vir Sannie se pa gee. Amen, liewe Jesus . . .” Ja, dit is 'n verligting. Nou stap hy flink en hy praat met Wolsak, maak hom haastig.

Hy het by oom Buurman se opstal aangekom met 'n hart wat al begin klop het. Hoe nader hy gekom het, hoe stadiger het hy en Wolsak geloop. Ja, hy het nie vir Wolsak gery nie. Wolsak is nou sy kleinood, dis sy hele hart wat hy so aan die halter lei. Hoe kon hy nou vir Wolsak hierdie laaste dag nog ry?

Naby die veekrale, met sy een voet op die draadheining en sy groot pyp in sy mond, daar het Willempie vir oom Buurman gevind. Van ver af het hy die oom al so ingedagte sien staan en hy het skugter en skoorvoetend nader gekom. Toe hoes hy, so 'n flou, droë ou hoesie, maar oom Buurman het vinnig omgekyk.

„Môre, Oom . . .”

„Môre, Seuntjie . . .” oom Buurman knip sy oë so 'n paar keer. Hy herken die knaap nie dadelik nie. Sy bure sien hy selde en hulle kinders ken hy maar baie effens, net so van sien. „En waar's jou reis heen . . . ?” vra hy verwonderd. Dit lyk darem of hy vir Willempie eien.

„E . . . e . . . Oom . . .”

Maar toe is daar skielik 'n jong opskuddinkie. Iemand kom van die huis se kant af aangehardloop. Sannie! Sy sien vir Willempie en hardloop nog vinniger. Dan is sy by hulle.

„Dag, Willempie! Ek is so bly jy het kom kuier vir ons. Oee, ek het jou van ver af al sien aankom. Hoekom bederf jy die ou donkie so? Ek het gesien jy ry hom nie. Of is jy bang hy gooi jou af? Whêê... so 'n lelike ou maer ding sal my tog nie afgooi nie... Wag nou net hier by Pa, ek gaan gou vir Ma sê wie's hier... as ek terugkom dan speel ons wegkruipertjie... Het jy geweet môre is Krismis...?” Haar asem is byna gedaan, maar sy hardloop weer rats huis toe. Willempie is verslae, hy en oom Buurman is alleen.

„Is dit jou donkie dié...?” vra oom Buurman ietwat belangstellend.

„Ja... e... nee, Oom. Ek bring hom eintlik vir Oom. Dis sommer 'n orige donkie, Oom...”

„'n Rondloper...?”

„Ja... 'n rondloper, Oom...” Willempie se moed dreig om hom in die steek te laat. En wat kon hy anders sê? Hy is nou meteens bang oom Buurman weier dalk om sy geskenk te aanvaar en daarom dan dat hy beskeie beaam het dat dit 'n rondloperdonkie is. Iets so swaar soos lood begin egter op sy hart te druk.

„E... e... moet ek hom maar in die kraal jaag, Oom?” Sy stemmetjie raak byna weg. Oom Buurman het hom blykbaar nie gehoor nie en hy herhaal die vraag harder, heser.

„In die kraal?” vra oom Buurman ingedagte. „O, jy meen die donkie. Ja, ou seun, jaag die ding maar in die kraal...” Hy suig peinsend aan sy pyp. Willempie neem vir Wolsak tot in die kraal, haal die halter af en kom staan toe klein en beskeie half agter oom Buurman. So is daar vir 'n rukkie stilte.

Dan, asof hy vir die eerste keer bewus word van die vreemde donkie, haal oom Buurman die pyp uit sy mond uit.

„Boesnot...!” bulder hy opeens. Hy is nou die wakker boer.

Boesnot kom haastig te voorskyn. Hy sien in die aankom die vreemde donkie en rek sy wit oë groter.

„Baas...?”

„Hoeveel donkies het jy wat jou eie is...?”

Boesnot se bakkies breek in 'n glimlag van verwagting op.

„Hette hom elief die donkie nou, my baas,” verklaar hy

gretig, „kort nog net ene dan hy hette hom die vol spaan . . .”

Oom Buurman word meteens goedhartig. „Nouja,” sê hy, „môre is Krismis. Sien jy daardie maer stuk donkie daar in die kraal . . . ? Hy's 'n rondloper sê die kleinbaas hier, maar as jy beloop om hom altyd gespan of gekniehalter te hou, dan kan jy hom vat vir jou . . . Wat sê jy . . . ?”

Boesnot se hele liggaam en siel verander in een dankseggende offerande. Hy huil byna van dankbaarheid, beloop om die donkie vas te maak.

„Goed,” besluit oom Buurman, „goed. En jy bars as jy nie so maak nie. Toe, loop nou . . .”

Boesnot lyk potsierlik in sy vreugde.

En klein en beskeie, half agter oom Buurman, daar staan Willempie roerloos. Met verbystering staar en staar hy maar net met groot, ronde oë . . .

A. J. J. Visser

OUJONGKEREEL

Die botterblom en wit sering
het bo en onder ons afgesluit
van als wat droefheid bring:
Droë hout en dorre kluit.

In my hande was 'n blom
wat dít nou en later dát trompet
en nooit finaal tot 'n besluit kon kom:
Eers: „Ek het jou nie lief,” en dan, „Ek het.”

Die dae blaai die maande om:
„Sy het jou lief of sy het nie.
Pluk gou. Die uitslag mag eers kom
as jy nie meer om die lig kan vlie.”

Die blom lê blaarloos op die grond.
Het sy? Sy het nie. Die jare
skuif soos rowe oor 'n wond
en dwarrel om 'n hokie dooie blare.

SKILDERY

Die liggaam groei vanaf die pynlike kraam
soos struik met die ouer berge saam.
Lank voor perspektief en kleur voltooi is,
slaan die jare ru om hom 'n donker raam.

WRAAK VAN DIE HOTSNOTSGOD

Ek sal my ankers uit die vlaktes ruk
en langs die kruine van heuwels swerf,
tot, ver onder, al wat leef die geluk
uit vrees vir die H- en kobaltbom afsterf.

Dan sal ek met gevoude vlerke sit
en sien hoe die trotse mens kan bid.

WOLKBREUK

Blitse blom in Riebeek-wes, Grabouw:
Angstig klou die wingerdloot aan drade vas
en lammers sidder langs Buffeljachts en Touw
vir daardie sweep wat bulder oor Sir Lowry's-pas.

Grou komberse kreukel oor die platteland
waar hoop afsterf; wit wasgoed flap en skeur.
Gulsig plas die dood oor die laaste koringland
en breek die jaar se ruggraat middeldeer.

MODERNE KRUISTOG

Langs die oewers van rivier en wilder see
speel vrou en kinders onder sonsambrele:
Lag luid as een die ander blou-oog gee
en bou verder aan hul lug- en sandkastele.

Die mans van twintig volkere gaan te keer
met baaipakke en planke in die branders:
Swem oor die Kanaal of haal die bodem van 'n meer
in rekordtyd: Eers Engelse, later Nederlanders.

'n Skreeu (golwe raas. Wit skuim) 'n Lyf? 'n Hand?
wat maal en maal deur sanderige kolke?
Die strand skrik op: Hy is van 'n land,
sy liggaam verteenwoordiger van volke!

'n Mensdom storm op die strandplek af
uit elke land, uit dertig, tagtig stede
en dink: Sal God ons weer met water straf...
ontkom mens dan nooit jou vuil verlede?

„Wie sal red?“ kom dit hard en flou
uit kele van Oos- en Westerlinge.
„Ek“, skree elk, „met ark en reddingstou,
maar gee eers 'n borg vir dertig silwerlinge.“

PELGRIM

Ek is nou Ali wat sy nuwe sjaal
en fez versigtig pak; sy oë rig
waar daeraad vlam en buig met preweltaal
voor klip en steen in ou en muwwe lug.
Of Luther wie se droom voor kardinaal
en Pous se diep bedorwenheid moes swig:
Die wonder van jou liggaam vind ek, vrou,
is in 'n katakombus toegebou.

NAELLOOP

Sekondes — spanning — almal reg!
Ses lywe skok uit gate weg.

Die swaai van arm en lyf en been
is nou verwronge — byna een,

En poog gespierd hul spoed en wind
met wilskrag aan die wenpaal bind.

IKARUS

Jou wysheid wou in roekelose vlug
die heelal, hemel, hel deurboor soos lig.
Maar voor Sy harde vlam-oog stort dit voos
en brak gebrand weer na die aarde trug.

Die Afrikaner en Ware Kuns

P. C. COETZEE

I.

Onder al die oorgangsverskynsels wat die aanpassing van die Afrikaner in 'n nuwe geïndustrialiseerde gemeenskap begelei, is daar waarskynlik nie een wat soveel sorg wek as die toename van die aanbod van prikkellektuur in Afrikaans en die gretigheid waarmee die Afrikaanse publiek dit verslind nie. Ook in Engeland en Nederland het die industrialisasie hierdie uitwerking gehad. Na die betreklike sukses van die filantropiese bewegings om analfabete in die twee lande te verminder, word veral na 1840 'n stroom van minderwaardige sensasionale lektuur gepubliseer wat met die grootste byval aangeneem word deur 'n nuwe publiek van halfgeletterdes.

Om een of ander rede word gevoel dat hierdie verskynsel in Suid-Afrika nie rym met 'n tradisionele beeld wat ons en die buiteland van die Boerevolk geformuleer het nie. Ons vriende sowel as ons vyande het in die verlede die godsdienssin van die volk beklemtoon. Een Engelse skrywer het die Groot Trek gekarakteriseer as 'n rondgaande biduur (an itinerant prayer meeting). Ons vriende het die opvatting nie teengesprek nie, maar slegs aangetoon dat ons vroomheid eg was en dat ons darem kon skiet ook. Albei was daarvoor eens dat ons 'n volk van *een* boek was. Daar was byna geen analfabete onder ons nie, maar ons lektuurkeuse was uiters beperk; naas die Bybel het ons weinig meer as predikasiebundels gelees.

Die geskiedenis van Suid-Afrika het hom tot dusver al te veel met uitwendige dinge besig gehou en nog te min rekening gehou daarmee dat die geskiedenis van diegene wat in Kaapland agtergebly het in 1838 ook deel van die Geskiedenis van die Afrikaner is. As die geestesgeskiedenis van die Afrikaner eendag geskryf word, sal dit blyk dat die stereotiepe beeld wat daar van die Afrikaner van die negentiende eeu gevorm is en deur ons in groot mate aanvaar is, nie in alle opsigte juis was nie.

Die sug na die buitengewone en die drastiese is by alle

mense inherent. Die wyse waarop dit bevredig word, verskil. Afgesien van die feit dat die Afrikaners van die negentiende eeu gelewe het in 'n wêreld waar buitengewone avonture wat werklik gebeur het, van mond tot mond oorvertel is, kan ons aanneem dat ook die stigtelike lektuur tot hulle beskikking gedeeltelik voorsien het in 'n behoefte aan prikkelleesstof. Die titel van een van die betreklik geliefde bundel: *De Donderslag der Goddelozen* belowe veel. Die Bybel ook het sy prikkelpassasies.

Dit is ook lank nie so seker dat die lektuurkeuse van ons voorouers so beperk was as wat gewoonlik aangeneem word nie. Ons het nie veel gegewens nie, maar in die Dagboek van Susanna Smit kry ons een insident wat daarop dui dat die volkslektuur van Holland tog in sekere mate na Suid-Afrika deurgedring het. Die Dagboek loop van 1842 tot 1847 en bestaan hoofsaaklik uit godsdienstige oordenkings. Susanna Smit was 'n geestelike hipochondriak en vertel ons veel van haar gemoedslewe. Gebeurtenisse is vir haar alleen van belang as hulle haar gemoedsrus bedreig. Sy vertel o.a.

„Maar de Sathan had mij weder een ander strik bereid. Het oudste Dochtertje van mijn Broeder... (Gerrit Maritz) traad mijn woning in met een boek in de hand. Vol vuur en leven zeide het kind tot mij: ‚Tante, lees toch en ziet wat een mooi boek dezen is.‘ En het was als of zij met ongeduld mijne lofspraak over dat boek verwachtte. Om haren liefde tot mij niet te wonden, nam ik het boek en las er in. Dat was een spaansche Roman die van gestoolen meisjes in Rovers grotten sprak. Terwijl ik las om haar te voldoen, rolde den steen die... zoo wat van mijn hart was geschooven er weeder op. Ik wierp het boek op zijde met... ‚mijn kind, dat is een slegte boek!‘ Het arm kind verschrok zich. Ik nam echter het boek weder om haar te troosten en leeste voort. Zij bemerkte dat ik zulks met moeite deed, stond in allerijl op als zij eenige besighede te verrigten had en liep hart weg, latende de boek in mijne hand.” (Voor-trekkergedenkbok van die Universiteit van Pretoria, 1938, p. 143.)

Sou dit die enigste eksemplaar van boeke van hierdie aard wees wat tot die Trekkers deurgedring het? Dit sou tog al te onwaarskynlik gewees het. Trouens, die wyse waarop Susanna Smit die voorval oorvertel, dui daarop dat leesstof van hierdie aard vir haar nie heeltmal vreemd kon gewees het nie.

II.

In die reël word daar by die bespreking van prikkel-lektuur, of soos ons dit ook kan noem, volkslektuur, van een van twee standpunte uitgegaan: dié van die moraliste of dié van die intelligentsia. Albei veroordeel die soort lektuur, maar om verskillende redes. Die moraliste meen dat daar iets in verband daarmee gedoen behoort te word. Die intelligentsia voel geen hervormings- of bekeringsdrang nie en is bowendien bang dat daar, as die moraliste hulle sin kry, veel meer in die slag gaan bly as populêre prikkel-lektuur.

Die moralis kan omskryf word as iemand wat bekommerd is oor die sieleheil van mense wat hulself nie daaroor bekommer nie. Hy het 'n bodemlose wantroue in die bevoegdheid van sy medemens om tussen goed en kwaad te onderskei en is selfs van mening dat baie van dié wat wel kan onderskei, eerder die kwaai as die goeie sal kies. In plaas van hom oor sy groter insig en etiese meerderwaardigheid te verheug, wil die moralis ander deur ooreding of deur dwang, verplig om volgens sy insigte te lewe. Die moralis is nogal taamlik tolerant teenoor prikkel-lektuur (hy kan veel daarvan verdra) en hy is dikwels self 'n produsent van prikkel-lektuur. Maar hy is allergies vir 'n sekere tipe prikkel-lektuur wat hy self graag pornografie noem. As ons die woord „pornografie” in sy histories-tegniese sin neem, dan is hierdie benaming vir die betrokke soort lektuur verkeerd. Pornografie is die humoristiese beskrywing van voorvalle wat in verband staan met geslags-en ander liggaamsfunksies. Aangesien Afrikaners deurgaans dink dat verhale van dié aard net mondeling en dan in geselskap waar slegs mans of slegs vrouens aanwesig is, oorgedra moet word, kry ons in Afrikaans feitlik geen geskrewe pornografie nie. Die leesstof waarteen beswaar gemaak word, is eerder eroties, soms taamlik grof eroties, uiters selde wat in die wandel „skurf” genoem word. Deur sy aandag te konsentreer op die „ongewenste” erotiese is die moralis geneig om ander „ongewenste” trekke van die prikkel-lektuur verby te sien. Dit is miskien gelukkig, want sodra 'n ruimer veld betrek word, kry mens verskynsels soos die Engelse beweging om kinderrympies en -sprokies te verban omdat daarin soveel sondige neigings, veral die neiging tot geweld, te voorskyn kom.

Die intelligentsia benader die volkslektuur ewe onrealisties. Hy wil dit intellektueel en esteties beoordeel. Dit hang natuurlik saam met die algemene lewenshouding van die

intellektuele. Mens kan sê dat die moralis homself beskou as die uitsondering in 'n wêreld van dwase en skurke. As dit die geval is, dan moet ons die intellektuele omskryf as iemand wat homself as die uitsondering beskou in 'n wêreld van dommes en filistyne. Hy vrees veral die moralis wat in sy oë 'n dom-astrante filistyn is, die beliggaming van bemoeisugtige onnoselheid; net soos die moralis die intellektuele verdink van sedelike perversiteit. Afgesien van 'n ouderwetse kontingent wat vandag nog domheid en onkunde met mekaar verwar, is die intelligentsia heeltemal tevrede om sy intellektuele meerderwaardigheid te geniet. Hy berus graag in die „feit” dat negentig persent van sy medemense 'n lae intelligensie-kwosiënt het, en deur geen skoling of dissipline meer intelligent gemaak kan word nie. Die intellektuele is baie onverdraagsaam teenoor volkslektuur hoewel daar siniese intellektueles is wat geen beswaar het om daaruit geld te maak nie. Die beswaar van die intellektueles is nie teen die erotiese of die sensasionele nie, maar teen die onbeholpenheid en domheid. Busken Huet se kritiek op Van Lennep se romans kan hier aangehaal word as 'n gematigde uiting van hierdie benadering: „Er zit in die boeken, hoe veelbelovend de schil er uitziet, te weinig pit van gedachten.”

Veilig geborge in sy eie meerderwaardigheid is die intellektuele daarvoor om „elke diertjie, sy plesiertjie” te gee en sal sy wantroue in die moralis hom wars maak van enige inmenging in die produksie van volks- of ander lektuur.

Gerard Huyghens maak in sy proefskrif *De Nederlandse Auteur en zijn Publiek* (Amsterdam 1945) die onderskeid tussen offisiële en offisieuse literatuur. Die intelligentsia was nog altyd die draers van die offisiële letterkunde, hulle was tot sekere hoogte ook die skëppers daarvan, hoewel daar tog in sommige lande produkte deur geniale mense as „offisieuse” of volksliteratuur gelewer is wat deur die intelligentsia aanvaar is en sodoende tot die offisiële letterkunde deurgedring het. Die offisiële letterkunde van die verlede sluit al die werke in wat in handboeke oor die geskiedenis van die letterkunde genoem word, terwyl dié van vandag insluit wat in ernstige letterkundige tydskrifte as aanneemlik geresenseer word.

Dit is dikwels moeilik om te bepaal waarom 'n besondere literêre produk in die kategorie van die offisiële letterkunde beland terwyl 'n ander onder die „offisieuse” te lande kom. Miskien sal die nuwe analitiese wetenskap van die letter-

kunde daarin slaag om 'n norm te vind waardeur ons ons geskiedenis van die letterkunde van baie dorre hout kan suiwer. Miskien sal daar dan ook hier en daar 'n stuk wat in die ban van die offisiouse gedoen is, uit die vergetelheid na vore gebring word.

III.

In een opsig getuig die benadering van die moraliste van groter werklikheidsin as dié van die intelligentsia. Hulle gaan naamlik uit van die standpunt dat lektuur 'n sekere sosiale funksie het. Weliswaar sien hulle hierdie funksie slegs van een kant. Hulle neem aan dat boeke en tydskrifte 'n karaktersvormende waarde het en dat slegte lektuur die sedes kan ondermyn en tot sonde en misdaad kan lei. Hulle aandrang op perssensuur, of 'n ander vorm van beheer, is gebaseer op hierdie veronderstelling. Nou moet dit nie gedink word dat hulle slegs die negatiewe kant raaksien nie. As ons die geskiedenis van lektuur (in teenstelling met letterkunde) van die afgelope honderd-en-vyftig jaar nagaan, dan sal dit duidelik wees dat hulle taamlik doelbewus stigtelike lektuur probeer gebruik het om gesindhede wat hulle graag by hulle medemense (veral die armes en ondergeskiktes) wou sien, aan te kweek. Reeds vanaf 1781 verskyn daar in Nederland byvoorbeeld *Economische liedjes* met titels soos „De zingende Werkmeid”, „De hupsche Boer” e.d.m. „Optimistiese en idylliese voorstelling van een samenleving met alle deugdzame eigenschappen die de ontwikkelde uit die eeu aanbeveelden” (Huyghens, p. 60). In Engeland verskyn daar in die veertigerjare van die 19de eeu, talle gedigte en verhale wat daarop bereken was om die „working classes” te oortuig dat hulle tevrede moes wees met die plek en lot wat vir hulle beskik is.

Tot hulle teleurstelling moes die propageerders van hierdie lektuur konstateer dat dit slegs vir 'n klein seksie van die publiek waarvoor dit bedoel was, aanneemlik geblyk het. Een of twee skrywers (of skryfsters) het daarin geslaag om 'n toon van sentimentele optimisme te tref wat aan hulle werke sukses verleen het. Vandag verbaas dit ons dat die lesers nog soveel kon verdra. Met verloop van tyd het die toleransie van die minder geletterdes vir stigtelike lektuur geleidelik verminder. Die beskikbaarheid van meer aantreklike hoewel minder „verheffende” leesstof het ongetwyfeld iets daarmee te doen gehad. Ook by ons lyk dit of die vaster spysie soos *Genoveva* en *Eustachius* wat

op hulle tyd volksboeke was, geleidelik die wyk neem voor die gekruide lekkernye wat tans opgedis word.

Die mislukking van die stigtelike lektuur kan ongelukkig nie toegeskryf word aan sy valse vroomheid en sentimentalisme nie en ek vrees dat daar in werklikheid ook nie sprake daarvan is dat 'n natuurlike goeie smaak in verset gekom het teen die onbeholpenheid en banaliteit van wat aangebied is nie. Dit is selfs nie sonder meer aanneemlik dat die preektoon iets met die afwysing te doen het nie — die onbevanse leek het vanself geen beswaar teen die preektoon nie. By 'n objektiewe studie van die aanneemlikheid of onaanneemlikheid van lektuur moet ons versigtig wees om nie ons eie reaksies op enige soort lektuur aan die lekepubliek toe te dig nie.

Trouens al die veronderstelling van die moraliste t.o.v. die lektuur behoort aan 'n deeglike wetenskaplike ondersoek onderwerp te word. Hierdie veronderstellings kan soos volg saamgevat word:

- (a) Leesstof kan 'n baie belangrike uitwerking ten goede of ten kwade op die lesers hê;
- (b) deur goeie leesstof te bevorder en slegte leesstof te belet, kan die volk „opgehef” word.

Nou is dit in die eerste plek nodig om die begrip „opheffing” nader te omskryf. Dit mag wees dat reeds hier 'n verskil van mening kan bestaan. Wat beoog mens eintlik as jy jou voorneem om die volk „op te hef”? Dit is nie moeilik om getuienis te kry oor die oogmerke van die moraliste en filantropie van die negentiende eeu nie. Die nadruk word gelê op wat mens ekonomies-voordelige deugde kan noem: hardwerkendheid, eerlikheid, onderdanigheid, met kuisheid, matigheid en spaarsaamheid as toegifte. 'n Sobere bestaan sonder enige ambisie na 'n selfstandige sinvolle lewe was wat die ondernemersklas graag wou sien in die laer stande. Die laer stande self het waarskynlik nie met hierdie idee van „opheffing” saamgestem nie, hulle het veel meer gedink aan 'n hoër ekonomiese lewenstandaard. Sommige van die opheffers het dit self ook anders gesien en aan 'n kultureel-intellektuele integrasie van die proletariaat gedink. Hierdie gedagte het veral in die ontwikkeling van die skoolwese na vore gekom.

IV.

Die vraagstuk van die moontlike uitwerking van leesstof op die leser is nog nie terdeë ondersoek nie. Daar is persone wat die uitwerking heeltemal ontken, maar hierdie opvat-

ting maak van enige skema van lektuurvoorsiening 'n onbegonne saak en is ook in stryd met die ervaring van die Wes-Europeër in die algemeen.

Miskien behoort mens, voordat jy enige verdere ondersoek instel, 'n onderskeid te maak tussen twee vorme van lees: die peinsende leesproses wat krities-assimilerend is en die mymerende leesproses waar daar 'n eenvoudige oorgawe is aan die lektuur-inhoud met 'n identifikasie van die leser met een of meer karakters.

Die intellektuele is in die algemeen geneig om ondersoekend-peinsend te lees en waar hy mymerend lees, kan hy uit die mymerende gemoedstoestand geskok word sodra die inhoud of die styl van 'n boek bots met sy werklikheidsvisie of sy estetiese gevoel. Die leek lees hoofsaaklik mymerend en die proses word gesteur sodra hy op onbegryplike woorde, gedagtes of situasies afkom. Hy het nie die oefening in peinsende lees om die onbegrepe te ondersoek nie.

Waar ons die goeie of slegte invloed van volkslektuur nagaan, het ons in hoofsaak met die mymerende leesproses te doen. Hierdie proses het veel gemeen met dagdromery en 'n oormatige toegawe aan die proses skep 'n subjektiewe behoefte wat vergelyk kan word met die behoefte aan verdowingsmiddels wat deur narkotiste ervaar word. Bloot op grond hiervan sou mens al kan veronderstel dat daar wel skadelike gevolge kan wees. Maar dit is skadelike gevolge van 'n ander aard as dié wat deur die moraliste gevrees word.

Hulle vrees dat die mens deur sy lektuur tot onsedelikeit en misdaad gebring kan word. Nou kan ons dadelik erken dat boeke 'n mens op hierdie gebied kan onderrig net soos hulle hom op enige ander terrein kan onderrig. Dit is moontlik dat 'n inbreker speurverhale peinsend kan lees om daaruit wenke te kry om sy tegniek te verbeter. 'n Gifmenger kan boeke oor toksikologie met vrug raadpleeg as hy genoeg verstand en kennis het om dit te doen, en die inbreker sou waarskynlik veel baat vind by wetenskaplike werke oor ontploffingstowwe en slotte.

Inderdaad vind ons dat die makers van strokies-misdaadverhale geïllustreerde handboeke lewer van die tegniek van geweld en bedrog. Dat hierdie materiaal 'n verderflike uitwerking moet hê as dit in die hande van onryp en ongebalanseerde jeugdige val, kan nie betwyfel word nie. Die vraag is egter of hierdie boeke wanneer hulle bloot mymerend gelees word, so 'n uitwerking kan hê.

Die vrees van die moralis is in die reël egter nie so spesifiek nie. Hy vrees die lewenshouding en die stemming wat geskep word. Hy meen dat die „ongewenste” lektuur „vervlakkend” of afstompnd inwerk op die gesindheid van die mens, dat dit ’n natuurlike afkeer van onsedelikheid en misdaad ondermyn.

Daar is twee vrae wat in dié verband gevra kan word: Kan die mymerende lees van „ongewenste” lektuur inderdaad so ’n uitwerking hê? en is die aanneemlikheid van „ongewenste” lektuur nie eerder ’n simptoom van voorafgaande verflakking of afstomping nie? Wat die tweede vraag betref, moet sowel die individu as die gemeenskap in aanmerking geneem word en kan die probleem teruggebring word tot die meer basiese vraag van wat die faktore is wat enige soort lektuur vir ’n gemeenskap of ’n tyd aanneemlik maak.

V.

Die eerste vraag raak die probleem van die tydelike en permanente suggestiewe krag van lektuur. Dit is ’n psigologiese en psigopatologiese aangeleentheid. Ongelukkig is die sielkundiges en psigiaters wat hulle tot dusver daarmee besig gehou het, lank nie eenstemmig nie.

Dat daar so iets is soos psigiese infeksie — die oordrag van ongesonde oortuigings en impulse van persoon tot persoon — word taamlik algemeen aangeneem. Daar is so iets soos massa-neurose en massa-psigose. Dat lektuur hierby ’n rol kan speel, word o.a. bewys deur die epidemie van selfmoorde wat gevolg het op ’n boek soos *Das Leiden des jungen Werthers*. Pessimistiese lektuur kan die leser deprimeer en optimistiese kan hom lughartig stem. Ligsinnige lektuur kan ’n mens traak-my-nie-agtig maak. Maar nou moet ons ook daaraan dink of ’n optimis tolerant is teenoor pessimistiese lektuur en hoe lank ’n ernstige persoon in ’n ligsinnige boek sal aanhou lees — tensy daar natuurlik by die pessimisme en ligsinnigheid ander elemente is wat hom boei en in daardie geval sal hy die weersinnige stemming waarskynlik negeer.

Maar daar is selfs ’n ander opvatting, naamlik dat die „ongewenste” in die prikkellektuur ’n afreageerproses by die leser aan die gang sit. Soos in die droom vind daar (veral deur identifikasie met die hoofpersoon) ’n wensvervulling plaas en die leser raak op dié wyse ’n hele klomp neigings kwyt wat anders sou „opgedam” het en hom tot onsosiale gedrag sou verlei het.

Hier is daar nog heelwat braakland vir psigologies-leserkundige ondersoek wat belangrike vrugte mag afwerp vir die psigo-terapie. In Skandinawië veral word daar aandag bestee aan die biblioterapie (of terapeutiese leserkunde). Dit is daar reeds vasgestel dat dieselfde boek op een pasiënt 'n gunstige en op 'n ander 'n ongunstige uitwerking mag hê en selfs 'n verskillende uitwerking op dieselfde pasiënt op verskillende tye.

By die pedagogiese leserkunde is, o.a. deur J. R. L. van Bruggen, aangetoon dat verskillende tipes lektuur op verskillende ouderdomme aanneemlik is en hierdie gegewens is in verband gebring met 'n teorie van die ontwikkelingsstadia wat die kind deurgaen.

Op albei terreine is oneindig meer gevalle-studies nodig en voordat ons van 'n wetenskaplike biblioterapie en bibliopedagogiek kan praat, sal ons 'n verantwoorde teorie moet hê oor die faktore wat eerstens die aanneemlikheid van verskillende lektuurtipes en tweedens die uitwerking van daardie lektuur verklaar op verskillende persone en op verskillende ontwikkelingsstadia.

VI.

Daar is 'n paar aanduidings vir so 'n teorie wat elkeen by selfwaarneming kan vind. Op grond van hierdie aanduidings kan die beginsel geformuleer word dat lees in albei sy vorme 'n selektiewe proses is, 'n proses van uitsoek en saamvoeg. In die eerste plek haal jy uit jou leesstof wat jy kan verstaan. Jy bring jou eie ervaring as agtergrond mee en neem uit die leesstof wat daarby aanpas. Daarom is elke boek vir elke leser iets anders. Die ryper leser vind in 'n boek (as dit te vinde is) meer as die onrype. Mens weet uit jou eie ervaring dat boeke wat jy op 'n jonger leeftyd nie kon geniet nie, later vir jou betekenis kry. In die tweede plek sal jy in enige lektuur meer getref word deur wat òf by jou stemming pas òf radikaal daarmee bots. Derdens speel ook die algemene lewensopvatting en werklikheidsvisie 'n belangrike rol.

'n Tweede beginsel wat op histories-leserkundige gronde geregverdig kan word, is dat lees 'n surrogaat-handeling is. Dit is meer natuurlik vir die mens om te luister as om te lees, dit is meer natuurlik om te lewe as om jou te verdiep in 'n versinde lewe. Die geskrif is dus *Ersatz* vir mondelinge mededeling en dit is bemiddelde ervaring. As *Ersatz*-mededeling werk die geskrif direk, gee dit onderrig en word dit gekonsulteer vir inligting.

As bemiddelde ervaring is sy werking veel meer gekompliseerd en staan dit in verband met ingewikkelde sosiale verskuiwings wat in die lewe van die Wes-Europeër plaasgevind het, veral sedert die begin van die industriële Rewolusie. Die boek is nie die enigste medium vir bemiddelde ervaring nie. Dit is in dié opsig reeds 'n surrogaat vir 'n surrogaat. Om dit te verduidelik, moet ons die lewe van 'n normale plattelandse gemeenskap van die pre-industriële stadium vergelyk met dié van 'n geïndustrialiseerde stedelike gemeenskap.

In die eersgenoemde het die lewe 'n sekere dramatiese element. Met dramaties word hier nie teatraal bedoel nie, maar slegs die feit dat daar in die verloop van gebeurtenisse 'n sekere patroon gesoek word deur diegene wat daarin deel het as akteurs of as toeskouers. Die individu speel hier 'n rol wat hy gedeeltelik self aanvaar en wat gedeeltelik aan hom opgedring word deur die gemeenskap. Hy speel teenoor ander lede van die gemeenskap en die res vorm saam terselfdertyd 'n kommenterende gehoor. Hyself vorm wat die spel van ander akteurs betref, ook weer deel van die gehoor. Ons kan hierdie kommentaar vandag nog op ons platteland teenkom in die vorm van skinderpraatjies. Ongelukkig is die skinderpraatjie as sosiale uiting nog nooit wetenskaplik bestudeer nie (die moralistiese veroordeling daarvan staan op die voorgrond). Een aspek daarvan is egter opvallend — dit soek in die gedrag van die beskinderdes altyd 'n sekere geykte patroon. Dit is 'n patroon wat terug gevind word in die straatballades (wat eintlik maar net berymde skinderpraatjies was), in legendes, sage en sprokies.

In soverre die belangstelling buite die drama van die eie gemeenskap gaan, word dit bevredig deur die mondeling oorgelewerde verhaal wat deur 'n bereisde lid van die gemeenskap, deur oues van dae omtrent die verlede, of deur reisende vertellers van verhale meegedeel word. Die geskrewe verhaal ontstaan as 'n aide-mémoire vir hierdie verhalers en die berymde of allitererende vorm wat hulle vroeër gehad het, is moontlik ingevoer om die geheue te help. Die mondelinge verhaal is alreeds in sekere mate 'n Ersatz vir eie ervaring.

Selfs by die skinderstorie moet by die verteller en die luisteraar met 'n mate van identifikasie en wensvervulling gereken word, by die mondeling oorgelewerde verhaal is hierdie element veel sterker.

Vergelyk ons nou die kleingemeenskap met die geïndustrialiseerde stad, dan kom in die eerste plek na vore dat

veel van die dramatiese van die lewe verlore gegaan het en daarmee ook die gevoel van die individu dat hy in 'n agtergrond inpas waar daar in hom belang gestel word, waarin hy 'n rol speel. Hy kan nie meer „optree” nie, want hy het nie meer 'n gehoor nie. Een van die maniere waarop hy hiervoor kan vergoed, is die lees van verhale en romans waar hy deur identifikasie 'n rol speel en waarin sy belangstelling in sy medemens bevredig kan word.

VII.

Om aanneemlik te wees moet die lektuur wat voorgehou word, aan sekere eise voldoen wat ons as prinsipes kan formuleer.

(a) **Die prinsipe van onopsigtelikheid van die medium**, m.a.w. dat die geskrif in taal geskryf moet wees wat die leser so goed ken dat die woorde en sinsbou vir hom geen moeilikhede oplewer nie. Die woordeskat hoef nie beperk te wees tot terme wat die leser self gebruik nie, maar hulle moet woorde wees wat hy in so 'n mate kan herken dat hy nie van die spoor af gebring word nie. Dat sy kennis van baie woorde 'n blote skynkennis is, is van geen belang nie solank hy hulle dikwels genoeg teengekom het om waar hy hulle in sekere verband kry, daar 'n indruk van te begryp ontstaan. Die sinsbou moet nie te veel afwyk van die sinsbou waaraan hy uit die gebruik van sy omgewing vertrou is nie.

Daar is gepoog om die leesbaarheid van geskrifte te meet deur 'n formule waarin ingewikkeldheid van sinsbou en die gebruik van meer-lettergreepwoorde in ag geneem word. So 'n formule kan miskien maklik uitgewerk word vir Engels. Vir Afrikaans sal dit as gevolg van die voorkoms van so veel saamgestelde woorde wat nogtans heeltemal verstaanbaar is vir die eenvoudigste leser, veel moeiliker wees.

Wat hier bepaal moet word, is in die kern die mate waarin die aandag deur die medium van die inhoud afgelei word. Waar die aandag op die medium gerig word, verloor die leser sy belangstelling.

(b) **Die beginsel van trant**: Die mymerende leser verkies blykbaar die verteltrant bo enige ander vorm van presentasie en die mins aanneemlike presentasievorm is skynbaar die redeneertrant. Hy het 'n sekere toleransie van die metode van objektiewe presentasie wat by sekere moderne romanskrywers gevind word, maar dit word vir hom maklik te ingewikkeld. Die presentasievorm wat ons byvoorbeeld by Joyce vind, is slegs vir 'n beperkte groep

intellektueles aanneemlik. 'n Skrywer wat 'n goeie verteller is en sy stof in 'n begryplike liniêre volgorde voorstel, sal altyd meer populêr wees as een wat hom byvoorbeeld tot presentasie uit een hoek beperk, of wat van sy lesers verwag om self aan te vul en eie gevolgtrekkings te maak. Die moraliserende trant wat die intellektuele so ergerlik maak, het geen afskrikkende uitwerking op die gewone leke-lesers nie. Inteendeel, hy het geen beswaar teen kommentaar as dit net die loop van die verhaal nie te veel onderbreek nie.

(c) **Die beginsel van die gedeeltelike dekking van lewenswêreld en lektuurwêreld:** Die Amerikaanse kritikus Eliseo Vivas gee die volgende definisie van 'n gedig: „A poem is a linguistic artifact, whose function is to organize the primary data of experience that can be exhibited in and through words. With necessary changes this can be said of all art. Put in different terms, what poetry uniquely does is to reveal a world which is self-sufficient. It does not communicate in the ordinary sense of the term, nor does it imitate or designate existent or imaginary things which can be apprehended independently of the poem. By means of the selfsufficient world that poetry reveals, we are able to grasp, as the poem lingers in the memory as a redolence, the actual world in which we live.” (What is a poem? *Sewanee Review* 62: 578-, 1954).

In hierdie paar woorde het Vivas 'n opvatting oor die wese en werking van die kunstuk gegee wat hoe langer hoe meer veld wen by 'n jonger generasie van literatuurteoretici. Hulle bepleit 'n nuwe wetenskaplike benadering by die studie van die letterkunde in die oortuiging dat die gedagte om 'n kunswerk te verklaar uit die persoonlikheid en sosiale agtergrond van die kunstenaar, tot 'n miskenning van die kunswerk self gelei het.

Volgens die nuwere opvatting is elke kunswerk 'n selfstandige geheel, 'n wêreld op sigself met 'n eie struktuur en 'n wettelikheid wat net binne daardie wêreld geld. Ek meen dat dit 'n waarheid is wat nie net van die geslaagde kunswerk geld nie, maar van enige menslike uiting wat op sigself gestel kan word. Dit geld dus ook van volkslektuur selfs in sy mees onbeholpe en mees waardelose vorms.

Mens moet selfs verder gaan en die subjektiewe beeld van die werklikheid wat elke mens vir homself vorm as 'n selfstandige wêreld aanneem. Maar dit is nodig om te besef dat hierdie beeld nie as 'n beeld, 'n voorstelling of weer-

gawe van iets anders belewe word nie, maar as werklikheid. Onderzoek ons die saak by ons self dan ontdek ons dat die werklikheid waarin en waaruit ons lewe, die dinge waarop ons reken, vir nege-tiendes of meer 'n saak van geloof is. Ons weet in werklikheid baie min, maar ons veronderstel veel en met 'n onwrikbare vertroue.

En waar kom die veronderstellings vandaan? 'n Klein gedeelte is afleidings uit ons eie ervaring, gewoonlik ook maar op baie onvoldoende gronde. Die res is erfgoed en leengoed afkomstig van mense uit ons omgewing. My wêreld is 'n private wêreld, wat ek met my oë sien en met my geloof aanneem, niemand kan in hierdie wêreld indring en met my oë sien en met my geloof glo nie, net soos ek nie in 'n ander se wêreld kan indring en met sy oë sien en sy geloof glo nie. Aangesien so 'n groot gedeelte van my wêreld leen- en erfgoed is, is daar tog 'n mate van ooreenstemming van private wêrelde. Tog bly daar genoeg getuienis dat daar selde of ooit volledige ooreenstemming kan wees. Die mate van ooreenstemming is egter voldoende om die indruk te skep dat daar 'n „openbare” wêreld is waaraan ek die „waarheid” van my veronderstellings en opvattings kan toets. Hierdie indruk lê aan die grond van die algemene gedagte dat 'n opvatting in die mate „waar” is as wat „almal” daaraan glo.

Mens kan wel van die lewenswêreld van 'n gemeenskap, van 'n tyd, of 'n generasie praat en dan moet dit as 'n kultuurprodukt van so 'n gemeenskap, tyd of generasie beskou word. Neem òf die geskifte, en ander die kultuuruitinge van 'n groep as bewysmateriaal, dan kan ons vir onself 'n beeld vorm van sy lewenswêreld. Daaruit ontdek mens nogal gou watter ingrypende verskille daar kan wees. Die lewenswêreld van die twaalfde eeu verskil aansienlik van dié van die negentiende. Die lewenswêreld van die Bantoe verskil van dié van die Afrikaner.

Verder kan ons konstateer dat alhoewel daar sekere bestendige veronderstellings is, of veronderstellings waarvan mense baie swaar afstand doen, die lewenswerklikheid in ander opsigte weer aan gedurige veranderings onderhevig is. Alleen diegene wat 'n baie goeie geheue het en die vermoë om hulle herinnerings eerlik te vergelyk met hulle opvattinge van vandag, sal in staat wees om in te sien dat hulle op veertig in 'n ander wêreld lewe as op twintig.

Enige verhaal of gedig gee 'n betreklik statiese werklikheid. Voordat die skrywer dit voltooi het, lewe hy alweer in 'n ander lewenswêreld. Buitendien hoef die verhaal

glad nie die wêreld van die skrywer weer te gee nie, want in die skryfproses ontstaan daar 'n wêreld waaraan die skrywer nie eers hoef te glo nie; 'n eie struktuur dwing hom op die skrywer af, hoewel daar altyd veronderstellings sal bly wat eenvoudig nie uitwisbaar is nie.

Veral by die mymerende leesproses is die leser gewillig om in hoë mate afstand te doen van sy eie lewenswêreld en op te gaan in 'n verdigte wêreld. Maar daar is perke aan hierdie gewilligheid. Daar is sekere veronderstellings waarvan die leser weier om af te sien. Die veronderstellings raak nie net die fisiese wêreld nie. Die mens het die fisiese wêreld reeds so verander dat ons bereid is om daaromtrent feitlik alles aan te neem. Dit geld in veel hoër mate ons geloof omtrent ons medemens en 'n beeld wat hierteen sondig, is gewoonlik nie aanneemlik nie. Belangriker nog is ons geloof omtrent wat behoort te wees.

In die algemeen kan mens egter aanneem dat 'n roman of verhaal wat die minste verskil van die aanvaarde lewenswêreld van 'n gemeenskap die grootste kans op sukses sal hê. Omgekeerd sal die romans wat die meeste afset in 'n gemeenskap het, 'n lewenswêreld skets wat die meeste ooreenkom met dié van die meerderheid. Ongelukkig beteken dit dat die egte kunswerk waarin die skrywer 'n opregte (en dit beteken 'n baie individuele) siening het, die minste aftrek sal geniet — altans totdat daardie siening deurgedring het en erfgoed in die gemeenskap geword het.

F. J. Eybers

ULTIMA THULE

Het jy die hoogste lewensdoel bereik,
die uitsigpunt wat vergesigte gee
oor wêreldeinders van 'n wêreldsee,
en staan jy gans verruk van sin en kyk
oor wat die liggaam en die gees gelyk
verwerf het in die loop van tyd — dan wee
dat jy jou soos 'n god met roem kan klee,
daar alles voor jou mag en kennis wyk...
Beklaag jou dan, want om voldaan te wees
met gans geen lokstem meer, geen ster wat wink;
geen bly verrassing, nog arbeid vir die gees...
is waansin net waarin die mens versink.
Die Ultima Thule wat ons begeer
is straks volmaaktheid, maar geen lewe meer.

JY VERAL

Hoe fraai is tog Gods aardryk na die rcën,
met berge bruin en rante skoon gewas;
wanneer uit lug en lowergroene gras
'n lied weerklink van sege en seën
en elke dier sy dieremaat bejeën
met guns van kleur en klank wat pas
by hul, wat speels en lewenslustig, kwas
en kop verhef en pronk op vlerk en been.
En onder mensekinders soek ek jou
in sulke dae wanneer die wêreld mooi
en alles lieflik is — die meer meer blou —
daar jy my tot 'n groter liefde nooi.
Dan is dit jôu wat bemin... oral,
en nie net ook nie, lief, maar jou bo-al!

VERPOSING IN DIE TUINE — KAAPSTAD

Koel is die tuin en skaduryk die boom;
die hoofstraat af, 'n twintig tree opsy
rol daar 'n mensemassa langs verby
wat voor my oog vervaag soos in 'n droom
as ek, 'n druppel in die wye stroom,
geruisloos wegsak in die ebgety

tot klank en kleur geen sin meer het vir my,
waar straattaal meng met vloeke sonder skroom.
'n Rukkie bly ek salig onbewus
van lewe en die snel verloop van tyd.
As ek ontwaak, gesterk en uitgerus
vir sware dagtaak en die lewenstryd
dan dank ek vir die koele tuin en bank
vir sinsverlies en rus, èen kwartuur lank.

SONNET AAN DIE SONNET

'n Koepeldak waar sonlig goudglans toor!
Agt slanke pylers hoog en marmerblank,
waarom die blomfestoene slingerrank,
is tempelbou wat digtersgees bekoor
in koele rus en stilte ongestoor
kan kunst'naarsiel sy lied van lof en dank
deur hemelruimtes hier met klare klank
laat galm soos hoë hallelujakoor.
Ses outers, waar die wierookwolk opstyg
as Dante se gees, Petrarca se gees omsweef,
word nou deur Mars- en Mammonsmag bedreig
en waar die digtersange eens kon leef
as offer aan die Muse skoon, daar swyg
die geeste nou wat Skoonheid na wil streef.

ADOLESSENSIE

Geweldig woed die westewind en waai
die wolkeweefsels weg, soos spinnerag.
Verflenterd hang gordyne van die nag
en digste wilg- en dennebome swaai
of swig — deur hierdie stormwind platgemaai.
Die oerwoud kraak en kreun 'n jammerklag
soos moeders in hul barensnood ontcrag
wanneer demone kom verskrikking saai.
My gees is soos die elemente daar,
wat stormend woed en alles wreed ontcrig, . . .
wat Skoonheid skend en skromelik teeter.
Ontemb're kragte word ek daags gewaar,
wat nou die Ego teen homself wil rig
en Vryheid naas verlatenheid begeer.

DIE BOSVELD ROEP

Voel jy dan nie weer vanaand nie
hoe jou hart onstuimig bons,
jy, my swerwermaat, ou Fanie?
Hoor hoe roep die Bosveld ons!

Van Letaba tot Shingwedzi
wys kameelperd ons die weg;
tussen kwaggas van Ngwanetsi
waar die leeu die luiperd veg;
van Skukuza tot Satara
is die Wildtuin ons gebied;
Hier vergeet ons twee die mara
en die wêreld van verdriet.

Hier waar leeus van Malelani
in die donker nagte brul;
om die panne by Tshokwane
waar die donderwolke krul
oor maroelas en mopani; . . .
Daarheen sal twee swerwers gaan;
in die mooi ou Bosveld, Fanie,
sal vanjaar twee tentjies staan!

Wit op Swart

J. S. RABIE

Dr. Hugo Preller plaas die wit vel papier op die blinkswart lessenaar, en begin rye swierige lettertjies skrywe: *Dames en Here, u begryp dat ek die probleem onder bespreking alleen vanuit 'n literêre standpunt gaan benader. Laat my dus toe om al dadelik te sê: Vir die skrywer is geen probleem uniek nie omdat alles vir hom probleem is, alles roersele van die lewe in sy menigvuldige ewig-menslike verskyning . . .*

Elke letter is 'n waardige, geronde afspieëling van dr. Hugo Preller se gesig, en elke volgende woord verteenwoordig die applous van nog een van die kultuurbewuste toehoorders wat môreaand die banketsaal met aandagtige hoofde sal plavei. Tog stok sy pen, en moet hy sy aanhef oorlees voor hy verder skrywe:

Daarom sal hy net oor dié probleme en innerlike behoeftes skrywe wat die naaste aan hom en sy eie mense lê.

Dan hou hy heeltemal op.

Dit is stil in die huis, en van buite in die donker stad kom net 'n verwarde geruis soos van 'n klomp mense wat met veel stemme op 'n groot afstand praat. Hy is alleen voor die wit papier, en rondom hom staan die rakke vol boeke soos 'n swyende sameswering. Asof om selfvertroue te win, lig hy sy oë een lang oomblik na die rak waar die rytjie van sy eie boeke staan, en skryf dan krassend snel: *Ek glo ek durf sê ek het my loopbaan aan 'n positiewe boodskap toegewy . . .*

Maar ek hoef my mos nie te verdedig nie, dink hy, en krap dit uit. Terselfdertyd gly sy linkerhand af na die laai langs sy knie, trek dit oop en voel-voel die sjokoladedoos daarbinne oop. Hy lyk of hy diep dink terwyl sy linkerhand 'n sjokolade uitsoek.

Skielik druk hy dit haastig terug, en staan op.

Sy vrou kom binne na haar klop, 'n groot welgeklede vrou met die welbeheerde maniere van 'n eggenote wat weet hoe om bevele aan haar bediendes te gee, en hoe om glimlaggend 'n voetstuk vir die pilaar van haar man in alle sosiale omstandighede te wees.

„Ek gaan maar slaap,” sê sy net, en kom soen sy voorkop.

Hy omhels haar swaar en met so 'n styftrek van sy

arms dat sy hom vraend aankyk. Toe hy sê: „Ek sukkel vanaand, ek weet nie hoekom nie,” word haar gesig sag en aanmoedigend soos twintig jaar gelede toe sy besluit het om met hom te trou.

„Hulle het *jou* uitgekies om daaroor te praat,” sê sy, haar stem rustig met vooruit wete van wat hy gaan sê.

„Ja. Ja. Maar dis 'n netelige kwessie. En vandag . . .” Hy laat sy arms val, en gaan effens ongeduldig weer sit.

Sy staan 'n rukkie, 'n groot blonde sekerheid vir wie die regte woorde natuurlik kom. „Ek sal Tabitha aansê om 'n pot tee vir jou te maak voor sy gaan slaap.” Dan verlaat sy die studeerkamer in 'n gedempte kompromis tussen tydsaamheid en respek vir sy arbeid.

'n Ruk sit hy en kyk na sy gebalde hand voor hy dit kan ontspan, en die intieme krasgeluidjie van sy pen weer 'n muur van stilte om hom bou. Om een of ander rede onthou hy die dag toe hy en sy broers Sikspens, die klonkie, by die dam gevang en sy swart bas vol wit potklei gesmeer het. Die skaterlag van toe bly nou uit: hy frons aandagtig voor hy kan skrywe: *Europa laat haar die weelde toe om verskille tussen volke te onderstreep, maar hier waar veel rasse saamwoon in een land, moet ons veeleer probeer om ooreenkomste te beklemtoon.* Die logiese ritme van die sin streel hom, maar die frons bly op sy gesig. Verstoor deur 'n gevaarlike implikasie wat hy maar half vermoed, lees hy die sin weer en weer. Oplaas krap hy dit ook uit.

Toe die bediende klop, het hy nog maar net 'n halwe bladsy gevul.

Tabitha plaas die skinkbord op die rand van die lessenaar. Sonder om op te kyk, is hy bewus hoe lomp en tog katagtig sy beweeg. Maar sy gewaarwording is eintlik maar net 'n roerlose leemte in sy bewussyn: as dr. Hugo Preller vir haar net die witman is by wie sy werk, is sy vir hom Tabitha die meid wat hy eintlik net eenmaal per maand raaksien wanneer hy haar vir haar dienste betaal. Hy weet dat as hy sy oë lig, hy net 'n onderdanigheid onkundig van applous op haar swart gesig sal lees. Swart is onleesbaar, dink hy, en onthou skielik hoe hy die agtermiddag op 'n stasieperon gestaan het terwyl 'n naturelletrein uittrek en 'n ry swart gesigte voor hom verbyskuif in 'n opeenvolging wat oor en oor en steeds sneller getuig van 'n eenselwigheid wat miskien net 'n neutrale afkeer in nog 'n witman is. Hy het stil bly staan sonder dat 'n spier op sy gesig vertrek, asof 'n veiligheidsklep êrens tussen sy oë en sy brein outomaties toegeklap het. Hy verwerp die

herinnering deur ingedagte „Dankie” te sê. Maar daarna verskuif hy vererg op sy stoel. Dit was mos nie nodig nie. Hy bly stip op die papier afkyk terwyl Tabitha se wit voorskoot uit sy gesigsveld skuiwe.

Sodra die deur agter haar sluit, steek hy sy hand in die laai en wikkel ’n bruin sjokoladelekker uit sy blinkpapier. Hy eet ’n tweede, ’n derde, en spoel die soet skuimdik smeltsel rond in sy mond voor hy plegtig verder skrywe: *Die man wat buite sy kultuurgroep gaan dwaal wanneer rasseverskille nog geaksentueer word deur onoorbrugbare verskille in kleur, verbeur die agting van alle groepe, en ook sy eie selfrespek op dié dag as hy insien dat hy oneerlike verraad gepleeg het.*

Met ’n grimas op sy gesig wil hy die laaste frase deurhaal, maar weerhou sy hand betyds en staar weg na die venster. Soos soveel male na dié dag vyf jaar gelede lees hy weer die woorde in die pretensieuse tydskriffie: „Preller is ’n oneerlike estetikus wat ter wille van die guns van sy publiek, net aan die verduistering van sy siel arbei.”

Eers toe sy vingers net leegte in die nou kartondosie ontmoet, sien hy dat hy die laaste lekker al geëet het.

Hy span sy gesig tot ’n glimlag om die dowwe verdere wete ook te ontmoet: Daardie selfde dag het ek die eerste doos sjokola gekoop en hulle een vir een hier aan hierdie lessenaar kom sit en opeet. Swaar en dik en sonder gedagtes, onthou hy. En veel veel kere daarna, sonder dat sy vrou dit ooit agtergekom het. En veel late etes om slapelose middernagte te bowe te kom. En nog meer, asof ’n geheime gewas langsaam in hom gegroei het; asof hy nou voor die wit papier op die blinkswart lessenaar . . .

Asof ek nie eerlik genoeg is om myself te ken nie! dink hy met ’n koorsige poging van sy intellek. En wat die publiek betref, wat hulle . . . ! Almeteens moet hy hardop lag vir die beeld van ’n lang stoet ossewaens wat Eloffstraat binnekrui met Sarel Celliers regop op die voorste wa met ’n Bybel in sy opgehewe hand. Die hees ruk-geluid versterf, en ’n pynplooi stol sy gesig tot vasberadenheid. Hy skryf:

Die enigste waarheid is onself. As ek van ons kultuur en tradisies praat, bedoel ek dat die enigste waarheid wat ons eerlik kan uitlewe, is ons beskawing, ons manier van lewe wat deur geslag tot geslag in ons gegroei het tot ’n hede wat enig en heilig en onwrikbaar in teen alles anderssoortig staan; dan sê ek: Hy wat homself en sy volk misken, lieg!!

Hy hyg saggies, en toe hy sy pen neersit om oor sy oë te stryk, voel hy sweetdruppels op sy voorkop. Dan voel hy die laai se handvat sel onder sy linkerhand; hy bly peuter aan die knop terwyl hy homself haastig verseker dat hy môre 'n nuwe doos sal koop. Hy begin oorlees wat hy geskryf het, maar die woorde lyk nou so vreemd en ver van hom dat hy opstaan en na die venster stap.

Dis so warm, vertel hy homself, ek moet die raam afskuif.

Maar hy doen dit nie. Hy leun net in die skaduwee van die gordyn en bly moeg uitstaar deur die ruit na die straat wat in die donker nag wegloop agter die dun-gesaaide kolletjies lig van lampe aan.

Wie het gesê die waarheid kan alleen deur vryheid bereik word? dink hy in 'n groeiende benouing terwyl hy sien hoe duisternis lê weerskante van die straat. Want dit het hy al honderde kere gevoel, maar nooit gesê nie, dat daar in die openbare lewe altyd 'n gebied is wat nie gesien of oor gepraat word nie, 'n swart plek, 'n gevaarlike leegte wat altyd een kant toe lê; en soos nou het hy honderde kere gevoel dat dit dalk 'n verlossing sal wees om die swart plek te sê, net te sê: ek het voor die trein gestaan en die swart gesigte gesien, ek het nooit na Orlando gaan kyk nie, ek het Tabitha vandag weer betaal . . . , net doodgewoon dié woorde ook te sê sodat dit nie 'n skreeu kan word nie.

Teen sy sin onthou hy die nag in Braamfontein toe 'n vrou histories geskreeu het sodat hy 'n sersant en 'n naturellekonstabel moes gaan haal het, en die naturellekonstabel die ou naturel wat waarskynlik net moeg en sonder diefstalplanne in die agterplasje gaan lê het, daar voor die witmense en juis omrede die witmense ongenadiglik met sy sjambok geslaan het. Dit was dierlik en onwaar en onuithoubaar daar tussen mure in die nag. Maar waarom was dit onuithoubaar soos 'n klug onuithoubaar kan word? Met geklemde keel vra hy hom dit af net om te antwoord: Omdat dit nie gesê kon word nie, uit te stel.

Ineens gaan hy terug na die lessenaar, skink 'n koppie tee in, steek 'n sigaret op en neem die toespraak op om dit weer eens te lees. Sy oë gryp na die lettertjies wat daar swart op wit geskrywe staan, voltooi 'n paragraaf of 'n gladde sin net om dit koorsig weer te begin, asof hulle eintlik net soek na wat ongesê gebly het. En weer eens tas sy hand uit oudergewoonte af na die laai. In die oomblik

toe hy sy hand wegruk, dink hy woedend: Dis net mooi-skryfery en leuens, ek skryf wit op swart.

Sonder om sy tee te drink, draai hy weer na die venster.

Ons skryf wit op swart; dié woorde bly hipnoties oor die skil van sy denke skeer soos 'n swawel oor rillende water. Hy weet dat hy hulle blindelings moet verwerp. Hy lig weer sy sigaret na sy mond, toe hy dit vinnig laat sak, laat val, en dooddruk met sy voet. Behoedsaam staan hy dieper in die skaduwee van die gordyn in.

Buite in die nagstraat gaan 'n donker gestalte wat langsaam en geruisloos aangekom het, vlak teen die tuinhokke staan. Hy kan die gesig onder die laaggetrekte hoed nie sien nie, net vermoed dat dit ook donker is, en met kloppende hart weet dat dit na die verligte venster en na hom gedraai is.

'n Inbreker dalk, dink hy, daar is aldag meer van die vuilgoed, maar sy hart gryp na sy keel om 'n ander naamlose rede. Hy het die blindelingsse gevoel van vasgekeer in 'n doodloopstraat te wees, van voor 'n wese te staan wat vertrou is met die nag.

'n Ruk staan die gestalte net so bewegingloos soos hy. Dan draai dit weg en verdwyn langsaam op geluidlose sole in die nag.

Dan veer dit op in hom: *dit* is wat ons nie hardop durf sê nie, ons vrees, dat ons altyd iets uitlaat weens vrees. Hy dink dit met 'n woede wat 'n verligting is; hy hoop sy gedagtes skuimend op soos waters om deur 'n bres te storm nou dat hy weet die dyke is veilig, nou dat hy vertwyfeld weet: mens vertel nie jou vrees aan jou vyand nie.

Met een haal ruk hy die gordyne voor die venster toe en draai terug na waar die lamp se wit straal die papier aan die glimmende lessenaar speld. Sy hande bewe sô op die koppie dat hy dit moet neersit. Hy gaan sit op die stoel en begin jaend skrywe:

Dit is die taak wat vir ons heilig is: om hoewel ons ons in hierdie sonnige suiderland deur 'n minderwaardige meerderheid bedreig voel, en vyande in die vreemde ons boonop verkleineer, om tog met die geduldige liefde van 'n voog teenoor 'n kind, apart en tog saam, nie tot haat en geweld oor te gaan nie, maar geen oomblik te weifel nie om ons beskawing staande te hou soos 'n fakkel wat altyd helderder vlam in hierdie donker en diepbemide vasteland! Ons driemiljoen kan ons met immigrasie opskuif tot . . .

Getalle, vervloekte getalle, dink hy, en krap die laaste woorde krampagtig uit. Sy vrou het gesê: Hulle het jou

uitgekies om te praat; hulle reken almal onverbiddelik op hom om hulle nie teleur te stel nie. Met 'n kreun sit hy die pen neer.

Hy wil sy gesig wegdraai, toe sien hy sy hande bewe nie meer nie. Hy sit en kyk hoe sy linkerhand uitreik na die teekoppie terwyl sy regterhand die sjokoladedoos uit die laai haal en ook op die skinkbord pak. Hy is skaars bewus daarvan dat hy opstaan en die skinkbord opneem en begin loop. Elke deur maak hy geruisloos agter hom toe tot hy veilig in die kombuis is.

Eers skeur hy die doos in klein stukkies en verbrand dit tot as in die stoof. Toe haal hy vleis en kaas en marmelade uit die yskas en sny brood en skink 'n glas vol wyn. Met 'n trae glimlag op sy gesig asof dit hom amuseer dat hy nie regtig honger is nie, begin hy eet. Slegs wanneer 'n krummeltjie val, hou hy op met smul om dit traag en aandagtig op te tel.

As hy uiteindelik opstaan en gedagteloos en swaar na sy studeerkamer terugkeer, sal die frases gladweg vloei uit sy pen.

Môreaand sal dr. Hugo Preller voor sy kultuurbewuste gehoor staan en die applous tot die allerlaaste salwende druppel toe ledig. Hy sal geen wrok voel nie.

N. A. Coetzee

NAJAAR IN DIE BOSVELD

Wanneer in goud en bruin die bosveldbome
so mymerend om my staan;
wanneer in vlug die swaeltjies hier bo my
in snelle vaarte gaan;
die kriekies dralend sing... die najaarsdag
se sagte lig so stadig sterf:
dan voel ek reeds hoe alles rustig wag,
so wagtend in die herfs.

Ook ek verlang, berustende gety,
ek wens die winter reeds al daar:
dan sal die blare bruin kan val:
voleinding van 'n goue jaar!
Ek voel jou son se dynserigheid
hom sprei tot in my siel — en weet
dat die natuur se sterflikheid
die stille skoonheid nooit vergeet!

Berusting van my najaar, o voer my mee,
dat ook jou skoonheid my rus kan gee!

REËN IN DIE BOLAND

Na soveel vervloë jare verlang ek nou — dis al.
Na die reën in die Boland — die reën wat sag
die wintersaande aanhoudend val en fluister
teen die vensterruit. Soms deur die nag
was dit nes 'n flou stem wat roep — maar duister
het alles gebly:
vir soveel lange jare moes ek wag!
Dis eers vanaand dat ek verstaan en luister,
hier binne in my:
na die sagte reën wat so aanhoudend val...

KOM NA MY

Kom na my as die lentebloeisels pryk,
in hul jeugdegloed hul geure spreï,
as die gras se tenger sprietjies groen verskyn
en die liefde oral weerklank kry!
O kom in my eindelose eensaamheid,
in my hunkerende liefdeswee;
en bring vir my 'n stil gemeensaamheid,
sodat my hart dan rustig en tevreë
sy lewensgloed in liefde uit sal stort!
Die lente het gekom met al die prag
van liefde! Ek wag...
O kom na my, die lente is so kort!

FONTEIN VAN MY JEUG

As kleine seuntjie het ek hier by jou
die jare wagtend omgedroom,
en deur die ewigheid omsoom
verlore, in jou heimlike blou
my eerste wonderbeeld aanskou!

Nog altyd kon ek weer met pelgrimsvreug
vir laafnis na jou waters gaan,
om daar te droom, te leer verstaan
— my altyd weer daarin verheug —
die diepe weë van my jeug!

Jou waters vloei voortdurend elke dag
hier in my siel al borrelend oor!
Hoe kan ek ooit my jeug verloor?
My hart sal altyd helder wag
op beelde uit die kinderprag!

Radiogesprek met C. M. van den Heever

*Deel van gesprek wat deur die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie
op 23 Mei uitgesaai is.*

AANKONDIGER: Nou ja, Professor, om sommer met die deur in die huis te val: wanneer het u vir die eerste keer u aandag aan letterkundige skryfwerk begin gee?

ANTWOORD: Ek sou sê dat dit daar aan die begin van die twintigerjare was. Ek het vroeër reeds die een en ander kleinigheid geskrywe, en alhoewel dit in tydskrifte opgeneem is, kan 'n mens nie sê dat dit enige letterkundige waarde besit het nie. Eers toe ek student aan die destydse Grey-Universiteitskollege geword het, het ek al meer in letterkunde begin belangstel. Daar was twee hoogleraars wie se lesings my veral gehelp het om in die rigting te ontwikkel, en hulle was prof. A. Franken, wat hoogleraar in Nederlands was en prof. D. F. Malherbe, die hoogleraar in Afrikaans. Prof. Franken was die nougesette, deeglike Hollandse geleerde wat my in die skoonheid van die Nederlandse letterkunde ingelei het. Later, toe ek 'n meer gevorderde student was, kon ons dikwels oor poësie, prosa en kritiek gesels, en hy het my maar altyd weer van sy boeke geleen om te lees. Ek dink vandag met eerbied aan hom, want dit is hy wat my diep bewus gemaak het van die waarde van Nederlands as 'n onmisbare aanvulling vir Afrikaans. Deur die jare het ek al meer tot die oortuiging gekom dat een van die grootste dwalinge wat ons ooit begaan het, was om Nederlands op so 'n skromelike wyse te verwaarloos. Toe Afrikaans op skool erken is, moes ons Nederlands 'n verpligte vak naas Afrikaans gemaak het en nie net 'n paar voorgeskrewe Nederlandse boeke nie. Dit sou baie gedoen het om die beskamende vervlakking in ons prosa en prosastyel wat ons vandag belewe, teen te werk. Nederlands was, naas Engels, vir ons 'n onmisbare toegang tot die groot Wes-Europese kultuur.

Prof. Malherbe se lesings het ons destyds sterk geboei — hy was digterlik en welsprekend. Hy het my bewus gemaak van die skoonheid van ons eie taal en

van die onvervangbare krag van die skeppende persoonlikheid. So het dit gekom dat ek self begin gedigte skrywe het wat in 1926 as die bundel *Stemmingsure* verskyn het.

AANKONDIGER: Wat was die heersende letterkundige toestande destyds? Was daar heelwat lewe te bespeur?

ANTWOORD: 'n Mens kan sê dat ons destyds in 'n soort oorgangstydperk gelewe het. Die groot volksdigters soos Celliers, Leipoldt en Totius het van hulle belangrikste werk reeds gelewer gehad en die kragtige nasionale lewe, wat aan die begin van die eeu ontketen is, is nou in die jong, opkomende Afrikaanse taal geopenbaar. Die digtersgeslag van omstreeks 1919 se bydrae is gelewer, maar verder was dit taamlik stil. Die gedigte van Toon van den Heever en veral die sonnette van Wassenaar was vir my besonder mooi. Daarby het gekom dat ek met verskerpte aandag in die moderne Nederlandse en Vlaamse poësie gelees het. Ek het vaagweg besef dat ons poësie na groter verfyning en verdieping moet neig, maar ek was magteloos om so iets te bewerkstellig. Wel het ek dit bewonder, en die fyn geboude vers, die volmaakte vorm het vir my 'n groot bekoring gehad.

AANKONDIGER: Waarom het u ongeveer in die tyd oorgaan om ook prosa te skrywe? *Op die Plaas* van 1927 is tog u eerste prosawerk. Ek is bly dat die boekie nog steeds herdruk word.

ANTWOORD: Nadat ek die Universiteit verlaat het, was ek werksaam as joernalis. Daar moes ek allerhande verslae oor uiteenlopende onderwerpe opstel. Ook moes ek vertaalwerk doen. Dit is die beste breiwerk wat ek as skrywer kon kry. Maar die gewone, stereotiepe koeranttaal het my nie tevrede gestel nie. Ek het wel vaardigheid gekry en geleer hoe om my uit te druk. Maar in my siel het ek verlang na die oorspronklike, lewende taal, na die fris beeld soos ek dit so dikwels op die plaas gehoor het, na die natuur en die natuurmens wat vir my so na aan daardie soort taal gestaan het. En so het dit gekom dat ek tussen die stereotiepe koerantberigte my toevlug geneem het na prosa oor die plaaslewe. Daarom heet die eerste prosawerk ook *Op die Plaas*. Die skrywe van die boekie het spontaan uit my opgewel, dit is met liefde en oorgawe geskrywe.

Voor my vertrek na Europa het ek ook so tussenin 'n ander roman, *Langs die Grootpad*, geskrywe. Maar

tydens die laaste gedeelte van die boek het ek begin ly onder toenemende slapeloosheid. Die nagwerk het die ritme van my lewe in so 'n mate versteur dat ek nie meer kon slaap nie. Daarby het gekom dat ek my so tussenin in die filosofie verdiep het, en dit het ook sy spore op my skryfwerk gelaat. Hierdie boeke is egter met 'n heimwee geskrywe — die heimwee oor die afskeid van die lewe in die vrye natuur. Baie Afrikaanse skrywers het daardie stadium deurgemaak. Ons merk dit tot vandag toe nog in ons digkuns.

AANKONDIGER: Professor, dit is tog waar dat party van u prosawerke oor die plattelandse lewe gaan, maar dat ander weer die oorgang tussen platteland en stad teken. Dit is tog so, nie waar nie?

ANTWOORD: Ja, dit is volkome juis. Die skrywer kan alleen behoorlik skrywe as hy sy stof behoorlik ken. As 'n mens suiwer en alleen skrywe oor karakters en gebeurtenisse wat net in jou verbeelding bestaan, dan verneem die leser gou die vals noot. Die verbeelding is belangrik, maar dit moet voortdurend op die werklikheid, op 'n deurleefde ervaringstof stoel. Daar is mense wat meen dat boeke oor die plaaslewe, soos *Langs die Grootpad*, *Somer* en *Laat Vrugte* die beste is wat ek geskrywe het, maar dat hulle nie hou van die karakters wat in die stadsromans optree nie. Maar dit is tog alles heeltemal naïef. Dat sekere oorgangstipes tussen platteland en stad vir geeneen van ons aantreklik is nie, sal niemand ontken nie. Nogtans bestaan hulle, met hulle naäpery, kultuurloosheid en gebrek aan die ou lewenstyl, en hulle moet uitgebeeld word soos hulle is. Dit vereis mensekennis en behoorlike kennis van die struktuur van die stad se maatskaplike lewe. En hierdie soort romans en kortverhale vereis tewens baie werk. Soos die platteland sy waarde en skoonheid het, so het die stad ook sy waarde en skoonheid. Elkeen is 'n stuk werklikheid en moet uitgebeeld word in 'n stylvorm wat by die inhoud pas.

AANKONDIGER: U het al heelwat geskrywe. Vind u dit maklik om te skrywe?

ANTWOORD: Nee, ek vind dit nie maklik nie. Ek verneem van ander dat skrywe vir hulle so 'n genot is en dat hulle baie bladsye op 'n dag kan skrywe. Dit kan ek nie doen nie. Skrywe is vir my swaar werk, en tog voel ek my gedwonge om te skrywe. Ek vind dat 'n mens nie meer as twee foliobladsye op 'n dag moet skrywe

nie. Maar jy moet gereeld skrywe, elke dag as dit kan. Dit is natuurlik onsin om te praat dat jy moet wag op „inspirasie.” Die geoefende skrywer se hele lewe is die ene inspirasie, want daaglik sien hy dinge wat hy wil uitbeeld of kom hy op 'n treffende idee af. Maar deur gereeld te skrywe, leer 'n mens beter skrywe. So gaan dit ook met die skilder. 'n Mens moet ook nie skrywe as jou gees moeg is van die dag se werk nie. Jy moet fris voel en jou sintuie moet lewendig wees. Daarom is dit die beste om in die môre te skrywe. Ek het nog nooit 'n roman, nie eers 'n kortverhaal, in die aand geskrywe nie. Met ander skrywers is dit net andersom. Hulle werk die beste in die nag.

AANKONDIGER: Dit moet eienaardig wees om al die uiteenlopende menings oor 'n mens se werk te hoor, nie waar nie?

ANTWOORD: Ja, eienaardig is dit seker, maar nie buitengewoon nie. Daar is 'n duisternis redes waarom sommige mense nie van 'n skrywer se werk hou nie en waarom ander weer verkies om dit te lees. Maar die publiek se smaak en grille kan geen leidraad vir 'n skrywer wees nie. Hy moet alleen skrywe soos hy dit innerlik sien en belewe, hy moet trou wees aan sy skrywersaard en die bietjie talent wat hy ontvang het, so suiwer as moontlik weergee. As mense wat hou van ligte leesstof, sy werke te ernstig of selfs te swarmoedig vind, dan moet hy hom maar daarby neerlê. Hulle het hulle smaak en hy sy eie neiging. „Elke diertje zijn pleziertje,” sê die spreekwoord.

AANKONDIGER: Professor, hoeveel boeke het u al geskrywe? Kan u ons nie die een en ander vertel van u manier van skrywe nie?

ANTWOORD: Deur stadig maar gereeld te werk het ek alreeds heelwat geskrywe. Tot dusver het ek oor die dertig boeke geskrywe. Van tyd tot tyd het ek kortverhale vir tydskrifte gereed gemaak, en 'n mens is inderdaad verbaas as jy hulle uiteindelik almal in boekvorm sien.

Ek meen dat die boek waaraan ek die langste gewerk het, die lewensgeskiedenis van generaal Hertzog was. Ek het sowat agt jaar daaraan gewerk. By die skrywe van romans en kortverhale kry 'n mens natuurlik 'n gedagte, maar dit is eers as jy begin skrywe dat dit vorm vat. 'n Karakter ontwikkel terwyl jy skrywe, dikwels heeltemal anders as wat jy oorspronklik

bedoel het. Die moeilikste van 'n roman is die eerste helfte. As 'n mens jou fondamentstene eers goed gelê het, is dit makliker om verder te werk. Maar om goed te werk, moet 'n mens gedurig in die atmosfeer van jou roman kan bly lewe. Uiterlike steuring belemmer dikwels die innerlike gaafheid van die werk. Geduldige innerlike konsentrasie en liefdevolle aandag aan jou stof bly 'n vereiste.

Fernand Florizoone

IK BEN EEN WIER

Ik ben een wier dat hunkrend wuift
naar 't licht, maar kluistervast versmoor
'k met vezels in het slib, ik kluif
vergeefs en slink in 't stikkend goor.

De broederwieren wuiven mee,
zij muiten de getijen door
vergeefs in 't smorend lied der zee,
ons wierenland blijft moer en goor.

Soms ben ik het ontzinde wier
en is mijn zang niet in het koor,
soms is 't dat 'k zwierend opwaarts slier,
doch, 't licht nabij, zuigt mij het goor.

ALS 'K U ZAL ZIEN

Als 'k U zal zien, o God,
hoe zal ik dan bestaan
in de verzadiging
van Uw oneindig licht
dat mij doorvaren zal?

Als 'k U zal zien, o God,
hoe zal ik nog bestaan
in Uw vertedering
van adem en gezicht?

Hoe zal ik toeven in
Uw al ombogen tent,
Gij die mijn tochten kent
verborgen in mijn oog?

Ik zal Uw schelp zijn en
Uw kelk, Uw hoorn en snaar
en altijd echo van
Uw eeuwig eeuwigheid.

DE WEGEN

De wegen spreken woorden van een vriend,
zij leiden mij langs struikgewas en lover
naar oorden van geluk, waar ik mijn kind
weet stoeien op de duinen rond de tover
van mijne vrouw. Zij bieden 't vergezicht
en in hun schrift de adem van de wind
en in hun lied de vreugde van het licht,
zij, tussen droom en doel, zijn het gebint.

De wegen voeren mij op verre tochten,
de bron ligt bij de avondlijn, ik zwerf
naar een oasis, tot na vele bochten,
het koren en de weiden rond mijn erf.

Adele Naudé

VERTREK OORSEE

'n Stippel skarlaken
op 'n krimpene kaai,
'n kille omgewing
waarin gloei my dogter.

Die kleur sypel deur
my verflenterde wese
en vloeï tot daar oorkant
die grens van die water.

J. Nel van der Merwe

SOMERNAG

Gordyne skuif weg,
die venster mond oop
en lelies vleg,
met die sterstraal in.

Op die maanwit laken
d' vreugde van die roos.
Die vlei se baken
ons ledekant,

met gras wat deur
ons vingers gly.
O geur, die geur
van aarde ryp:

met lelies in knop,
en kelk teen kelk,
as twee harte klop,
as twee hande streel.

En alles dryf
tot teen d' môrester
en maan se skyf,
— die hoë geluk

waar d' vuurpyl bloei.
Uiteindelik die son
in bloed wat gloei.
Die gordyn vou toe;

die venster dig,
as tussen jou
en my gesig
die daglig breek,

die stilte van
koel ruite lê,
en ons twee dan
soos Adam en Eva slaap.

A. Alberts

SIELEVRYHEID

As ek so lank mog leef,
my siel sou duisend jaar
ten spyte van gevaar,
na geestesvryheid streef.

Selfs my geraamte, maer,
misvorm, krom en skeef
sou by die dodeskaar
nog altyd daaraan kleef.

In boeie vasgeklink,
tot slaafsheid omgetower,
vrees om vry te dink
'n volk eenmaal verower.

Al wat my volk laat beef,
is in my siel geweef.

DIE REDE

Uit die beginsel van die lig
en uit die slotsom van die sinne,
vanself, soos kennis van die plig,
so skiet die rede ons te binne.

Soos die snelste straal en sneller
verdryf dit duisternis en vrees;
soos die felste drang en feller
vervoer en vul dit selfs die vlees.

Al sou 'n engel herwaarts daal,
hy sou in mense-rede dink
en aan die waarheid van ons taal
sy suiwer siel versadig drink.

Maar hierdie vriend word steeds verwilder,
deur vals profete swart geskilder.

Vincent van der Westhuizen

MENAGERIE

Hier het 'n papegaai die kuns geleer
om stringe dooie woorde af te teem
en neute deur die ogiesdraad te neem,
lomp-swaaiend aan 'n staalring, heen en weer,
of anders in sy groenrooi narrepak,
gestut op 'n swaar snawel, om en rond
'n lawwe dans te waggel oor die grond,
bene komieklik wyd en vlerke bak.

Met pers en goud omwaaier tree die pou
(wat, meer vereensaam in die jong-groen dae,
verdrietig paring teen die voorjaar kla)
die engte om van sy gehate kou.
Dit kwel die blou en groen parkiete nie
wat langsaam skoppelmaai en luid flankeer,
of twee-twee in die verste hoek verkeer —
hul het geen ander wêreld lief as dié.

Die swaar-bebrilde steenuil sit en tuur
of hy geen deel dra aan die helder dag,
in mymering, en hy bewaar sy klag
tot hy dit uitsug aan die donker uur.
Die skilpad, vaal soos klip dig naas die draad,
lê teen oerou verlangens ingeskuip
(Kan hy tog met die skamel hars se hulp
hom pantser teen die aanslag van die haat?)

'n Makgevoerde haas — 'n trop konyntjies,
en een of meer families bont marmotte;
hier dartel 'n gespuis albino-rotte,
en elke paar versorg sy swerm kleintjies.
Wit duiwe trap en fladder oormekaar,
wit voëls van vrede in 'n klein geveg —
die sterkste eien hom die eerste reg —
'n krop vol mielies — 'n verlepte blaar.

'n Dynskaros oorwelf die stad vér onder,
poinsettia-rooi blom eenders dak langs dak —
die steenuil peins nog roerloos op sy tak
en staar dit aan asof hy wonder... wonder...

ONGELUKSTONEEL

Ek hoor die remme skree — ek hoor die slag
soos iets wat vrot op die plaveisel plof,
en langs die skurwe wiel sien ek daar lê
'n hopie mens, verfrommel in die stof.

'n Suur konstabel teken met 'n pen
besonderhede in 'n notaboek
en dreig die mense uit sy pad, hul staan
soos vlieë om 'n bloedkol, saamgekoek.

En, soos 'n wit bees na die slagkol ren,
hoor hul die ambulans se loei, —
en wonder watter vreemde twyfel dan
soos kanker in hul ingewande groei.

Ek sien hul wonder, en ek wonder hoe
hy hom nie by die tekens kon bepaal,
en watter peirse hom genoep het om
by ons rooi robot-vonk verby te dwaal?

Abraham Fouché

STADSBROU

In die môregrou lê die brou en smoor
en kook teen twaalfuur skaduloos...
Stink walm die rioolsop groen en goor;
opgeborrel kom dood, en pes kook oor.
Maar steeds in my hart weergalm die troos:
artseny is die veld en die son is 'n roos.

AS EK MISKIEN NIE WEER ONTWAAK

As ek miskien nie weer ontwaak
dan kan my die gesig nie kwel
hoe op die aarde honger naak
met siekte dans as metgesel,
as ek miskien nie weer ontwaak.

Maar dans is dans, hoe ook en waar,
selfs tussen 'n vertooiingde skaar
en o, die tjank van 'n ghitaar!

As hul dan aan sy snare pluk,
sal dit gewis my beendere raak,
op rumbapas daar rond laat ruk,
as ek miskien nie weer ontwaak.

VOLHEID

Ek sien hoedat die wolke dryf,
reëndragtig heen van oos na wes
en kiepersolle staan en kuif
soos mahem-kraamvoëls op die nes.

En toe dit lig word in die oos
bemerkt ek dat die dam oorloop,
wyd, heerlik ongehinderd soos
'n emmer met die kraan nog oop.

Die dam loop oor 'n halwe dag,
my vreugde loop nog altyd oor
as ek die breedgeborste lag
van water oor 'n damwal hoor.

D. P. M. Botes

WIND

Die wind groei
tot sy rypheid
met die uurgebaande dag;
verder
net die vloei
van stofwolke
in hoë vlugte
soos die ydel spel
van my gemoed.

SKEMERING

Die dag se wit
het teen die ruite
van 'n raam kom sit,
en dartel-glans
soos vingers
wat oor note dans.

Toe is dit weg
— die dag was leeg —
en uit die gloed
groeï git soos roet.

Epiloog vir Schiller se „Lied van die Klok”

(GOETHE)

(Vertaal deur F. P. van der Merwe)

En dit gebeur! Die vrederyke klank¹
beroer die hele land; met seëgbaar
tree nuwe vreugde in; vol lof en dank
begroet ons toe die bloedjong vorstepaar.²
Die volke kom, vol nuwe lewensdrang,
kriewel, vermeng, daar wuiwend skaar op skaar,
en vierend word daar op die hoë vloer
die „Huldiging van Kunste”³ opgevoer.

Toe hoor ek middernag verskriklik lui,
dat dof en swaar die treurtoon wyd weerklink.
Onmoontlik? Sou dit dalk ons vriend bedui
om wie ons al ons wense net kon dink?
Die dood kom hom, so lewenswaardig, van ons skei?
Ag, dit moet ook ons wêreldbeeld vermink!
Die syne word van hom met smart verskeur!
Die wêreld treur, moet ons dan nie ook treur?

Want hy was ons s'n! Hoe gesellig, sag,
het hierdie hoë man voor ons verskyn.
Hoe vaak kon hy sy erns (so bedag-
saam) stem tot net 'n ligte samesyn!
Nou geestig, dan skerpsinnig, mees met krag,
het hy die sin onthul van vreug en pyn.
En vrugbaar steeds in raad en daad het hy
ons dieper laat ervaar, ons hart verbly.

Want hy was ons s'n! Mag die trotse woord
nog luider uitklink bo die droewe toon!
Hy wou so graag by ons, in veil'ge poort,⁴
na wilde storms werksaam altyd woon.
Intussen tree sy gees geweldig voort
na dit wat ewig waar is, goed is, skoon,
en agter hom, in wesenlose skyn,
lê wat ons lewens inperk en verklein.

1. By die viering van die vrede van Basel (1795).

2. Prins Frederick Karel en sy vrou.

3. 'n Werk van Goethe.

4. Weimar.

Hy sou die skoonheid in sy huis ontgin
waar eens die sterrewoord⁵ gerig tot hom
met sy groot ewigheids- en lewensin
so helder en geheimnisvol sou kom.
Dáár, ons en hom tot kosbaarste gewin,
sou hy die tyd gebruik, net andersom,
want in die skemer, nag, wat ons laat rus,
het hy gewerk, die waardigste bewus.

In die geskiedenis se eb en vloed
het nou bestraf, geloof, verby beweeg
die magte onder wilde heersersgloed
wat hierdie aarde laat: so stil en leeg.
Die lae verskrikking en die hoogste goed
is na hul wese duid'lik afgeweeg.
Nou daal die maan en oor die krans
sien hy die son verrys met nuwe glans.

En op sy wang, al rooier, is die gloed
van daardie jeug wat ons nooit sal verloor,
van daardie krag, ons onvermoeide moed,
wat vroeg of laat, die wêreldsweerstand oor,
sal seëvier, en van dié geloof wat boet
of fier vooruitbeur, altyd, altyd hoër,
sodat die Goeie werk en was en blom,
sodat die dag vir Ed'les eind'lik kom.

En tog het hy, geleerd, vol skeppingskrag
toneelverhoog en voetlig nooit versmaai:
hier skilder hy die noodlot wat van dag
tot nag die aarde om sy as laat draai,
en men'ge woord van hom het, diep deurdag,
die wesensin van kuns en kunstenaar verraai.
Hy wy die mooiste waarna mens kan streef,
die lewe self, aan hierdie beeld wat leef.

Jul ken hom nog, hoe hy met reusetree
die kring van wil en van volbring wou meet,
deur tyd en land, die volke se wel en wee,
die donker boek⁶ wat weinig hier vergeet,
dog hoe hy, asemloos, by ons, gedwee,
met skrale hoop, moes leef in lydingsweet.
Dit het ons men'ge mooi en droewe jaar,
want hy was ons s'n, lydend saam ervaar.

5. Dui op die astrologie. (Kyk: Wallenstein.)

6. Schiller het groot geskiedkundige werke geskryf.

Soms as hy uit die pynigende poel
van bitter siektelyding op kon kyk,
het ons van hom die lastige gevoel
van die remmende teenswoordigheid laat wyk.
Met vriendskapskuns en spel het ons bedoel
Om hom op te beur sodra hy beter lyk
en nog die laaste aand voor hy sou sterf,
het ons 'n glimlag, mooi, van hom verwerf.⁷

En hy het vroeg die strenge woord ge lees.
Met lyding was hy, met die dood vertrou.
Hy skei toe ons wou glo hy is genees,
Ons skrik vir wat ons lank in angs sou hou,
maar reeds nou al sien sy verheerlikte wese
hom hier verheerlik as hy ons aanskou,
En wat die wêreld aan hom loof of laak:
Hy's edel deur die dood, die tyd gemaak.

Dis baie geeste wat met hom wou stry
en nie sy groot verdienste wou erken,
hul voel hoe magtig op hul inwerk, hy
wat hulle van sy gees deurdring nou en
hul weet hy't tot die hoogste voortgeskry
met alles wat ons hoogag, op ons wen.
Wat hierdie man, — o laat ons hom gedenk —
net half gegee is, moet almal ná hom skenk.

Hy bly by ons, wat reeds al soveel jaar —
dis nou al tien⁸ — hom van ons weg moes keer.
Ons almal het dit seënryk ervaar,
die wêreld dank hom wat hy ons kon leer.
En nou behoort al aan 'n wêreldskaar
die gees wat net sy eie was weleer.
Hy's die komeet wat glansryk skyn
waar Sy lig in die ewige verdwyn.

7. Dui op blyspel wat Goethe en Schiller saam bygewoon het.

8. Schiller is in 1805 oorlede — presies 150 jaar gelede.

Boekbespreking

SOOS GRAS IS SY DAE, deur H. S. van Blerk. (Nasionale Boekhandel, Beperk, Kaapstad, Bloemfontein, Johannesburg).

Reeds in sy vorige romans het H. S. van Blerk getoon dat hy die lewe rondom hom getrou en realisties kan uitbeeld. Daar is dan ook verwag dat hy gaandeweg tot 'n suiwer realistiese prosaskrywer sal ontwikkel. Om een of ander rede is daar egter in hom 'n sterk drang om te moraliseer, om die tendens in sy werk te openlik bloot te lê en te benadruk. Met die strekking as sodanig het ons geen fout te vind nie, maar dit moet versluier wees, tot 'n harmoniese eenheid met die verhaaldeure vergroei raak om onopsigtelik tot die leser deur te dring. Indien dit nie gebeur nie, word die karakters slegs draers van die skrywer se eie opvatting en geen werklike lewende mense nie.

In sy jongste werk *Soos Gras is sy Dae* is daar groot verbetering in dié opsig waar te neem. Van Blerk skryf oor 'n periode in sy lewe wat hy deur en deur ken, hy vertel van gebeurtenisse wat hy persoonlik ervaar en intiem deurleef het. Daarom is sy verhaaltrant boeiend en sy uitbeelding oor die algemeen lewenswaar. Hy is weer op sy beste waar hy die uitgesakte en veragterde tipes aan ons voorhou; hy ken hulle spraakeienaardighede en geestelike opvatting van die lewe. Helder leef oom Koos en tant Netta de Beer voor ons

in hulle opvallende agterlikheid; ook die dogters Hannatjie en Stienie pas suiwer in die milieu wat hy vir hulle skep. Luister na tant Netta as sy in haar eer gekrenk voel:

„En nou het die predikant jou gestuur oor hy te sleg is om self te kom en oor hy weet ek het al lankal my mes vir hom geslyp en wil vir hom in sy gesig sê wat elke ordintlike Gristeling van hom dink. Ja hy moenie dink oor hy 'n wit taai dra, hy kan ons kom takseer nie. Koos en ek mag arm wees, maar ons is gan hierjy en gan volk van geniemand nie. Ja, sê jy vir hom hy kan sy kammakastige kospaasels en ou klere wat hy hiernatoo aanstuur, self vreet en dra. A!”

Ook die selfsugtige, gierige en sedelose Scholten word goed geteken en die optrede van Hester se ouers oom Dolf en tant Mieta en haar broers is heeltemal oortuigend. Maar vir my is die uitbeelding van die hoofpersone Charl Coetzer en Hester de Beer te idealisties in dié sin dat die leser reeds vroeg in die verhaal besef dat plig oor liefde moet seëvier. Albei begaan foute wat hulle lewens tot op die rand van totale verwoesting bring, foute wat heeltemal menslik en verstaanbaar is. Maar die motivering van hulle handelinge is nie altyd sielkundig verantwoord nie en gee die indruk asof die skrywer ten alle koste 'n vooropgestelde doel met hulle wil bereik.

Hierdie paar negatiewe opmer-

kings ten spyt, bly *Soos Gras is sy Dae* 'n gawe en gedagte-prikkelende verhaal en vorm dit 'n welkome en belangrike bydrae tot ons ernstige prosa literatuur.

S. C. HATTINGH

KOMEDIE ONDER DIE EIKE, deur W. A. de Klerk. (Afrikaanse Pers-boekhandel, Johannesburg).

Hierdie werkie het eers as ver- volghverhaal enige jare gelede in 'n Suid-Afrikaanse tydskrif verskyn. Dit was dan ook die doel van die skrywer om ligte ontspanningsleesstof te verskaf en as sodanig het dit niks met die ernstige letterkunde te doen nie.

Komedie onder die eike bevat 'n weergawe van die studentelewe aan een van ons suidelike universiteite, miskien soos die skrywer dit self in sy studentejare geken het. Die studente word getipeer in hulle verhoudings onderling, in hulle verhoudings tot die leerkragte en ook in hulle optrede op die sportveld. Die skrywer handhaaf deurgaans 'n ligte en opgewekte toon, maar die herinnering aan vervloë dae openbaar tog 'n dringende liefde vir en diep verlange na 'n tydperk vol lewensvreugde en intieme menslike verhoudings.

Die liefdesgeskiedenis van Jan Marais en Erica Denys vorm die hooftema van die verhaal. Jan is die ernstige, gevorderde student, voorsitter van die studenteraad en held op die rugbyveld. Hy is stil en ingetoë van aard maar beskik oor 'n sterk persoonlikheid wat hom dadelik as 'n leier bestempel. Aan die anderkant is Erica 'n „onmoontlike, selfsugtige, pragtige, onweerstaanbare meisiemens,” wispelturig, egoïsties en kortgebakerd — 'n vat vol

teenstrydighede. Al hulle botsings en teleurstellings, die storm en drang van 'n jeugliefde, vorm die belangrikste inhoud van die boek.

Om die suiwer taalgebruik, die gesonde strekking, die sprankelende inhoud kan dit met die grootste vrymoedigheid aan lesers jonk en oud, wat in 'n ledige uurtjie genotvol wil ontspan, aanbeveel word.

S. C. HATTINGH

DIE TOLLENAAR, deur F. A. Venter. (Die Goeie Hoop Uitgewers (Edms.) Bpk., Johannesburg 1955).

Die jongste roman van F. A. Venter is 'n groot teleurstelling. Dis die verhaal van 'n beroemde chirurg, Leon Verhage, wie se vrou hom verlaat, sy hand word bewerig en pasiënte begin onder sy mes sterf. Hy ontdek dat hy 'n teringlyer is, hoewel nog in die beginstadium. In die sanatorium, waar hy vriende maak met die forse walvisjagter, Björson, en verlief raak op 'n getroude vrou (eweneens teringlyer), genaamd Janie, oortree hy die reëls van die superintendent, dr. Sadie, deur saam met sy nuwe vriend te drink. Eers bots Björson met Sadie en verlaat die inrigting; nie alleen is die liefdesverhouding tussen Leon Verhage en Janie 'n oortreding van Sadie se reëls nie, maar die superintendent is ook heimlik verlief op Janie met die gevolg dat die twee dokters handgemeen raak en Leon en Janie Björson se voorbeeld volg. Na 'n kort periode van genieting van hulle herwonne vryheid, begin Leon se gewete hom kwel. Hy voel dat hy moet boete doen vir sy vroeëre selfverheerliking deur die vriende wat hy in die sanatorium gemaak het (en wat almal

die inrigting verlaat het!) te probeer genees op sy Roggeveldse plaas. Dit bring skeiding tussen hom en Janie wat sy skielike „inkeer” nie kan verstaan nie. Die gevolg van sy proefneming is dat hy wel sy vriende genees, maar self agteruitgaan. As Janie uiteindelik terugkeer, is dit te laat: hy is nog net in staat om met 'n geslaagde operasie die teringsak van haar aangetaste long te verwyder om haar en hulle kind op dié manier te red.

Dis 'n eenvoudige verhaal en ongelukkig weinig meer as 'n opeenvolging van episodes. Nie een van die karakters word 'n lewende mens met 'n goed gemotiveerde innerlike lewe nie met die gevolg dat Leon se „bekering” bloot 'n gegewe bly. Daardeur word die „boodskap” van die roman onoortuigend. Boonop is die tollenaar-beeld geforseerd. Met die beste wil in die wêreld kan mens hierdie roman nie bestempel as meer as 'n eenvoudige en selfs sentimentele verhaal nie, van die tipe waarvan die silwerdoek so graag gebruik maak.


E. LINDENBERG

HET SPEL VANDEN HEILIGHEN SACRAMENTE VANDER NYEUWERVAERT, ingelei en toegelig deur W. J. M. A. Asselbergs en A. P. Huysmans. (Zwolse Herdrukken, Nr. 14).

Eintlik is hierdie die eerste volledige gedrukte uitgawe van 'n handskrif uit die argief van die Sint Barbara-kerk te Breda, waarin bogenoemde Spel natuurlik die middelpunt vorm. Na 'n beskrywing van die kodeks volgens die skema van prof. W. G. Hellinga van die Universiteit van Amsterdam, volg 'n breedvoerige inleiding oor al die stukke bevat in die handskrif, met spesiale aandag gewy aan die Spel. Die tekste is ryklik voorsien van verklarende aantekeninge. Die skrywer van die inleiding meen „dat de tekst nog in onze tijd speelbaar is, tenminste wanneer het publiek door geloofsovereenkomst met de schrijver bereid wordt gevonden, diens soms naïeve voorstelling van zaken te aanvaarden.”

E. LINDENBERG

A.P.B



Ons kan nie sonder

hulle klaarkom nie..



Die man met die boek in die hand ken ons dadelik. Op sy skouers rus die verantwoordelikheid vir die opvoeding van die manne en vroue van môre.

Die Onderwyser is vir ons onmisbaar.

Die man met die briewetas ken ons nie so maklik nie, en tog is hy ook 'n bekende figuur. Sy diens aan die gemeenskap is ewe belangrik. Sy goeie raad maak dat daar uitkoms is in tyd van nood . . . vir die weduwee en die wees . . . die gepensioneerde . . . die behoeftige student . . . oral waar versekering 'n diens aan die samelewing kan lewer.

U Sanlam-verteenwoordiger is 'n man om te ken!



SANLAM

DIE GROOT AFRIKAANSE
LEWENSVERSEKERINGSMAATSKAPPY



*Maak U keuse:- VAN RIJN
kurk in wynrooi, ongekurk
in olyfgroen en filter in
roomkleurige verpakking.*

Welke ander sigaret u ookal mag rook, weet ons dat u meer genot uit Rembrandt VAN RIJN sal kry. Dit bied u dieselfde Room van die Oes as Rembrandt — net meer daarvan. Dit is gemaak vir diegene wat liever rook vir genot as uit gewoonte . . . en vir wie prys sekondêr is. Probeer gerus 'n pakkie van hierdie luukse lang Rembrandt-sigaret.

Rembrandt VAN RIJN

IN DOSIES: FILTER 1/9 VIR 20; KURK EN ONGEKURK 1/9 VIR 20, 3/11 VIR 50
Kopiereg VRFA-37